KREATIEF DIENSBAAR AAN GETROUHEID: DIE STREWE NA KOMMUNIKATIEWE EKWIVALENSIE BY DIE VERTALING VAN 'N KINDERBOEK.

Karen Hauman, B.A.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Toegepaste Taalstudie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mnr. H.G. van Wyk

Hulpstudieleier: Dr. MJ. Wenzel

November 1999

Potchefstroom

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	2
1.3	Eiesoortige ekwivalensie	7
1.4	Probleemvrae	10
1.5	Doelstelling	11

HOOFSTUK 2

Oorsig oor die vertaling van die kinderboek

2.1	Inleiding	14
2.2	Die waarde van die vertaalde kinderboek	14
2.3	Statistiese gegewens	16

HOOFSTUK 3

Teoretiese probleme by die vertaling van die kinderboek

3.1	Inleiding	19
3.2	'n Vertaalstrategie	20
3.3	Ekwivalensie	23
3.4	Om te verander of nié te verander nie	27
3.5	Die kind as leser	29
3.6	Kulturele aspekte	31
3.7	Die beoordeling van die kinderboek	35

HOOFSTUK 4

Praktiese probleme en voorgestelde oplossings by die vertaling van die kinderboek

4.1	Inleiding	44
4.2	Vertaling van metafore, vergelykings, idiome en woordspelings	45
4.3	Die vertaling van HUMOR	57
4.4	Die vertaling van EIENAME	61

HOOFSTUK 5

Toepassing op *Die zoep-zap-en-zirts-hom avontuur op Orkaanpiek*, vertaal deur Linda Rode

5.1	Inleiding	65
5.2	Die vertaling van BEELDSPRAAK	65
5.3	Die vertaling van HUMOR	70
5.4	Die vertaling van EIENAME	73
5.5	Aanpassings as gevolg van kultuurverskille	75
5.6	Klankryke nuutskeppings	76
5.7	Evaluering	77

HOOFSTUK 6

Samevatting 80

BEDANKINGS

'n Groot dankie aan:

- die Personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir flinke diens en vriendelike ondersteuning;
- Linda Rode, by wie alles kon begin;
- Pierre en die kinders vir begrip en uithouvermoë!
- my Hemelse Vader sonder wie niks moontlik is nie.

OPSOMMING

Enkele algemene vertaalteorieë word aangeraak, maar die klem val op die vertaling van die KINDERBOEK. Vertalings gemik op KINDERLESERS stel spesifieke, eiesoortige eise aan die vertaler. Die kinderboekvertaler moet, meer as ander vertalers, kreatiwiteit aan die dag lê ten einde te verseker dat die oorspronklike boodskap van die bronteks so getrou as moontlik aan die doeltaalleser oorgedra word. Aandag word gegee aan die spesiale kwaliteite en behoeftes van die kinderleser (tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar.) Die vertaling van veral beeldspraak, eiename en humor word aan die hand van die vertaling van *Die zoep-zarts-en-zirts-hom avontuur op Orkaanpiek* deur Linda Rode bespreek. Deurgaans val die klem op die kommunikatiewe dinamika van die vertaling en die toeganklikheid daarvan vir die kinderleser.

Die huidge stand van sake ten opsigte van die vertaling van kinderboeke in Afrikaans word onder die loep geneem. Daar word aangetoon dat daar beslis 'n afname is in vertalings na Afrikaans; ook die publikasie van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke het dramaties afgeneem.

SUMMARY

Some general translation theories are touched upon, but the emphasis falls on the translation of children's books. Translations aimed at young readers place not only specific, but also unique demands on the translator. He/she must, to an even greater degree than other translators, be more creative in order to ensure that the message of the source text is conveyed as accurately as possible to the target text reader. Attention is given to the special requirements and needs of the young readers (between the ages of 9 and 12). The translation of specifically figurative language, proper names and humour is discussed with reference to the translation of *Die zoep-zarts-enzirts-hom avontuur op Orkaanpiek* by Linda Rode. Throughout the text the focus falls on the communicative dynamics of the translation and the accessibility therof for the young reader.

The present state of affairs regarding the translation of children's books into Afrikaans was placed under the spotlight. It was shown that there has been a definite decline not only in the translation of books into Afrikaans, but also in the publication of original Afrikaans books for children.

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING

Die proses van vertaling is 'n hoë-risiko handeling. Enersyds kan die vertalingsproses lei tot 'n verlies in die waardes van die oorspronklike teks; andersyds kan 'n voortreflike vertaling waarde toevoeg en 'n "nuwe" teks daarstel wat gegroei het uit die oorspronklike.

Die doel van 'n vertaling is om die wêreld van die brontaalkultuur vir die doeltaalleser te ontsluit, toeganklik te maak. 'n Vertaling moet dus 'n brug slaan tussen twee kulture. In hierdie vertalingsproses is die vertaler die katalisator en die geslaagdheid van die eindproduk is in sy hande. In die geval van kinderliteratuur rus daar 'n nog groter verantwoordelikheid op die skouers van die vertaler, aangesien die ontsluiting van die "nuwe" teks vir die kinderleser besondere hoë eise stel.

Wanneer Toury besin oor 'n vertalingsteorie (1980:141), meld hy dat die vertaalde kinderliteratuur altyd 'n sekondêre posisie inneem, aangesien sodanige vertalings meer daarop konsentreer om byvoorbeeld uit 'n opvoedkundige of morele oogpunt aanvaarbaar te wees. Die feit dat die kinderleser eiesoortige verwagtinge én beperkinge het, word geïgnoreer in die daarstelling van norme waaraan die doelteks sou moes beantwoord. Ten opsigte van vertaalde kinderliteratuur in die VSA sê White (1992:261) dat daar toenemende belangstelling in hierdie area is, maar dat daar nogtans 'n gebrek aan navorsing in die veld is. Sy beklemtoon eweneens hoe belangrik dit is dat ondersoeke in hierdie verband geïnisieer sal word.

Nelson (1991:146) is van mening dat daar beslis 'n "gebrek aan literatuur oor die vertaling van kinderboeke" bestaan en in haar proefskrif beklemtoon sy die feit dat

die EIESOORTIGE OPLOSSINGS van probleme wat ondervind word by die vertaling van 'n kinderboek "beïnvloed en gerig is deur die oorweging dat die vertaalde teks bedoel is vir kinderlesers" (1991:146).

Die vertaler van die kinderboek (gemik op die kinderleser tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar) het te make met 'n KINDERreseptor wat op 'n unieke wyse, ánders as die volwassene, met die doelteks sal omgaan. Volgens Pienaar (1968:39-42) ervaar die kinderleser onder andere die volgende eiesoortige behoeftes:

- sy behoefte aan sekuriteit,
- sy behoefte aan aanvaarding en om liefgehê te word,
- sy behoefte om iets te bereik,
- sy behoefte aan kennis en ontspanning,
- sy behoefte aan 'n waardering van die estetiese.

Hierdie behoeftes, asook 'n voortdurende bewustheid van die leefwêreld van die KINDER-teikengroep mag dus nie uit die oog verloor word by die vertaling van die kinderboek nie. In die kinderboekvertaler se soeke na **kommunikatiewe ekwivalensie** word hy gekonfronteer met teoretiese en praktiese probleme wat uniek is, juis omdat die kinderleser uniek is.

1.2 Probleemstelling

Rekenaarsoektogte (Databasis van ISKEMUS [Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en - Media van die Universiteit van Stellenbosch]-INDEKS, 1996) het getoon dat daar feitlik geen leesstof oor die PRAKTYK van die vertaling van die kinderboek bestaan nie. "Handleidings" waarin die duisternis deurtrapte vertaal-teorieë in verband gebring word met die praktiese probleme wat die vertaler van 'n kinderboek

ondervind, is óf nie beskikbaar nie, óf baie skaars. Daar is dus beslis 'n leemte aan konkrete riglyne waarvolgens die beginner-vertaler sy eie strategie en benadering sou kon rig en formuleer.

Sommige vertalers is van mening dat probleme rakende die vertalingsproses ALGEMEEN is, en dat daar dus nie noodwendig "kinderboek-spesifieke" probleemgebiede is nie:

> *Whether it is a question of a translation for children or adults, the problems of the art of translation are the same* (Bravo-Villasante *in* Klingberg *et al.*, 1978 : 46).

Wanneer vertaalde kinderboeke onder die loep geneem word, word dit egter duidelik dat vertalings gemik op KINDERlesers beslis bykomende eise aan die vertaler stel. Die gehalte van 'n vertaling word beslis benadeel indien die leefwêreld van die KINDER-teikengroep uit die oog verloor word en indien daar nie (binne die perke van getrouheid aan die teks) doelbewus gestreef word na 'n ekwivalente DINAMIEK wat sal laat reg geskied aan die bronteks nie. Daar is 'n wisselwerking tussen die bron- en die doelteks wat dui op 'n bepaalde verhouding van EKWIVALENSIE. Hierdie verhouding sal bepaal in hoe 'n mate die doelteks "ekwivalent" (dit is: dieselfde krag sal hê) sal wees aan die bronteks.

Volgens Toury (1981:11) is dié kwessie van ekwivalensie van kardinale belang by enige vertaling:

> *the specification given to this notion (equivalence) is the crux of every theory of translation, and more than anything else it bears witness to its real scope and objects, possibilities and limitations, and dictates its methods.*

Om ekwivalensie DINAMIES te kan implementeer, beteken dat die bronteks sodanig "aangepas" word dat dit as 't ware "verbruikersvriendelik" word en daarom vir die jong doeltaalleser aanvaarbaar, verstaanbaar en absorbeerbaar - "converted to natural usage", aldus Newmark (1991:51).

Die kinderleser en die impak wat dit wat hy lees op sy vorming en ontwikkeling het, mag nie onderskat word nie:

> *The impressions of childhood are lasting, and the sum of its impressions is the pattern taken on by maturity. If this be true, the child is indeed father to the man. Can we afford to be indifferent to what children receive from their reading?* (Smith, 1953:17)

Volgens Lydia Pienaar (1964:121) lees die deursneekind gedurende die sewe jaar van sy leeftyd waarin hy in kinderliteratuur belangstel (7-14) ongeveer 416 boeke. Daarom vervul die VERTAALDE kinderboek vir Afrikaanslesers van hierdie ouderdomsgroep so 'n belangrike rol. Klassieke werke sal vir die kinderleser (tussen die ouderdom 9 en 12 jaar) ontoeganklik wees indien dit nie vertaal word nie. Volgens Aldré Lategan (Redakteur: Kinderboeke, Human en Rousseau Uitgewers : 1999) voer uitgewers 'n opdraande stryd in die uitgee van vertaalde so wel as oorspronklike Afrikaanse kinderboeke. Volgens Lategan is daar hiervoor verskeie redes:

- die swak wisselkoers;
- die feit dat provinsiale biblioteke feitlik geen nuwe boeke meer aankoop nie;
- en die werklikheid dat 'n nuwe kinderboek net nie meer bekostigbaar is vir die man op straat nie.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat daar 'n situasie kan ontstaan waar daar vir die jeugdige leser heeltemal te min leesstof in sy moedertaal beskikbaar gaan wees.

Die IRC (International Relations Committee) van die ALSC (Association for Library Service to Children) van Amerika (1998:264) werk jaarliks aan die saamstel van 'n bibliografie waarin die mees voortreflike vertaalde kinderboeke opgeneem word. Ten einde hulle lede in staat te stel om volgens sekere riglyne die kinderboeke te evalueer, het hulle gedurende 1997 die volgende kriteria vasgestel:
Vertaalde kinderboeke moet:

1. 'n goeie storie vertel, of dit fiksie of nie-fiksie is;
2. vloeiend vertaal wees en terselfdertyd getrou wees aan die land en kultuur van oorsprong;
3. nie onnodig "geAmerikaniseer" wees nie;
4. literêre elemente van intrige, karakterbeelding, gepaste styl en akkurate agtergrond bevat;
5. illustrasies, uitleg en omslagontwerp voorsien wat die teks sal aanvul en nie daaraan sal afbreuk doen nie;
6. inligting bevat wat akkuraat, duidelik en goed georganiseer is; en
7. aanklank vind by kinders.

Die kind as leser is ontvanklik vir vreemde kulture en internasionale invloede wat via die boek op hom sal inspeel. Tog bly een van die belangrikste kriteria waaraan 'n vertaalde kinderboek moet voldoen, die volgende: die "nuwe" teks moet die kinderleser boei, sy aandag hou en hom toelaat om homself te verloor in die wêreld van die boek en sy karakters. Sodoende word aan die kinderverbeelding vleuels gegee wat die kinderleser in staat stel om grense oor te steek en sy leefwêreld te verbreed.

Die skrywer en/of vertaler wat dit hom ten doel stel om literatuur beskikbaar te stel aan die kinderleser, móét 'n produk bied wat die leser sal interesseer en fassineer.

Sodanige produk, volgens Vandergrift (1999, Internet) in 'n artikel "On sharing literature with young people", moet:

- 'n aktiewe leerproses, wat deelneming stimuleer, aanmoedig;
- kognitiewe sowel as affektiewe betrokkenheid bewerkstellig;
- probleemstelling insluit;
- as kern iets hê waarvan die leser kennis dra en waarvoor hy omgee;
- veelvuldige perspektiewe verleen, en
- dialoog, 'n koöperatiewe leerproses en 'n gees van ondersoek aanmoedig.

Indien die kriteria van die ALSC hierbo en dié soos uitgespel deur Vandergrift gekombineer word, ontstaan die volgende riglyne vir die evaluering van 'n kinderboek:

'n Vertaalde kinderboek moet:

1. 'n goeie storie, wat aanklank sal vind by kinders, vertel;
2. getrou wees aan die bronteks, maar terselfdertyd aansluit by die wêreld van die doeltaalleser;
3. akkurate inligting bevat wat die kognitiewe sowel as affektiewe betrokkenheid van die leser sal bewerkstellig;
4. veelvuldige perspektiewe verleen, en
5. 'n aktiewe leerproses, wat die leser intens betrokke maak by die teks, aanmoedig.

In hoofstuk 5 sal bogenoemde kriteria aangewend word in die evaluering van die kinderboek, *Die zoep-zarts-en-zirts-hom avontuur op Orkaanpiek* deur Linda Rode.

1.3 Eiesoortige ekwivalensie

Volgens Toury (1981: 10) staan die wisselwerking tussen twee tekste in 'n sekere ekwivalensie-verhouding tot mekaar. Die geslaagdheid van hierdie verhouding sal bepaal in hoe 'n mate die doelteks "ekwivalent" (dit is: gelaai met dieselfde krag-potensiaal) sal wees aan die bronteks. Deskundiges is eenstemmig dat **algehele** ekwivalensie nie haalbaar is nie. In hierdie verband sê Dussé (1995:29): *"exactness in translation is not possible"*. Daarom is die *strewe* na die hoogste moontlike ekwivalensie vir die vertaler (en spesifiek die vertaler van die kinderboek) soveel te meer 'n uitdaging. Andrews (1992:85) verwys na 'n "invariante kern" wat in vertaling oorgedra moet word en sê

> *dat dié kern ten nouste saamhang met dit wat as belangrik beskou word in die bronteks self. As slegs die inhoud van die bronteks as belangrik beskou word, sal die 'invariante kern' beskou word as die oordrag van hierdie inhoud, terwyl strukturele aspekte nie betrek sal word nie.*

Alhoewel die vertaler van die kinderboek hom dus ten doel sal moet stel om hierdie "invariante kern" te bepaal terwyl hy sy eiesoortige leser, die kind, baie duidelik voor oë hou, sal daar ook gewaak moet word teen 'n algehele herskepping. Die vertaler mag nie willekeurig die struktuur van die bronteks ignoreer en vervang met iets nuuts nie. Die semantiese en sintaktiese samestelling van die bronteks mag dus nooit geïgnoreer word nie en by die vertaling van die kinderboek sal die klem beslis val op die kommunikatiewe kwaliteite van die bronteks en die uitdaging om juis hierdie kwaliteite om te skakel na die doelteks. Met ander woorde: dit

is belangrik dat die oorspronklike boodskap suksesvol aan die nuwe leser gekommunikeer word. So moet byvoorbeeld die humor en aanslag van die bronteks oorgedra word binne 'n konteks en milieu wat vir die nuwe kinderleser toeganklik sal wees.

Ekwivalensie is egter beslis NIE 'n geval van "gelykheid" nie, aldus Susan Bassnett-McGuire (1991:29):

> *Equivalence in translation, then, should not be approached as a search for sameness, since sameness cannot even exist between two TL versions of the same text...*

Juis daarom hoef die vertaler van die kinderboek in sy soeke na ekwivalensie nie weg te skram van 'n DINAMIEK wat die vertaalde werk in die doeltaal nuut en uniek daar sal laat uitsien nie.

Anders as by "gewone" vertalers sal die vertaler van die kinderboek hom by uitstek moet laat lei deur die spesifieke behoefte van die kinderleser van die doelteks. Anders as die volwasseleser beskik die kinderleser oor 'n verbeeldingskrag wat hom in staat stel om in 'n groot mate met die boek-karakters te identifiseer, hulle leefwêreld te betree en hul wedervaringe sy eie te maak. Van hierdie eiesoortigheid moet die vertaler voortdurend bewus bly wanneer daar met die bronteks omgegaan word. Alhoewel dit nie vir 'n skrywer moontlik is om DOELBEWUS hierdie behoeftes as 't ware in sy verhaal in te skryf nie, moet hy daarna streef om volkome vanuit die denk- en leefwêreld van die kinderleser te skryf.

> *hierdie elemente word in verdienstelike werke aangetref omdat die kunstenaars UIT die kinderwêreld skryf en die karakters oortuigend geteken word* (Pienaar, 1968:45).

Tog sal die vertaler sensitief moet wees vir die manifestasie van hierdie behoeftes in die bronteks, sodat hy kan verseker dat die vertaalde werk dit in dieselfde mate doen. "Kultuur-spesifieke" begrippe sal binne hul konteks beskou en geïnterpreteer moet word om dan so nuut en helder as moontlik omgeskakel te word na die doelteks. Die **effek** van die bronteks moet behoue bly - dit is die uitdaging!

Met ander woorde: dieselfde verhouding wat by die oorspronklike teks tussen die skrywer en die ontvanger van die boodskap bestaan het, moet so ver as moontlik herhaal word by die betrokkenes by die "nuwe" teks. Indien die oorspronklike teks, byvoorbeeld, sy boodskap oorgedra het deur middel van 'n oorwegend-humoristiese aanslag, moet dieselfde gebeur in die doelteks. Indien die bronteks vir die kinderlesers as 't ware **moeitevry** toeganklik was, behoort ook die doeltaalleser gemaklik en sonder inspanning met die doelteks te kan omgaan. Ten opsigte hiervan het Nelson (1991:146) by die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek die volgende gevind:

> *Probleme van kultuurvreemde dinge kon nie opgelos word deur voetnotas of 'n woordelys nie. Alle oplossings moes binne die teks self geskied.*

By die vertaling van die kinderboek staan die kinderleser sentraal, in 'n veel groter mate as die leser by ander vertaalde werke. Die jong leser mag nie langs die pad verlore raak omdat die "nuwe" teks nie vir hom toeganklik is nie. In hoe 'n mate die vertaler in hierdie toeganklik-maak sal slaag, is feitlik onmeetbaar aangesien die leser (tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar) se teksbelewenis in die eerste plek baie privaat is en bly:

> *a particular reader's initial engagement with a text is ordinarily a private event with meanings internally experienced in the consciousness of that reader and not necessarily shared* (Vandergrift, 1999: Internet).

'n Mens sou egter verwag dat die kinderleser (tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar) in staat moet wees om onafhanklik en sonder die insette van 'n derde party (dit is: 'n voorleser en/of interpreteerder) **self** met die teks te kan omgaan EN dit dan toeganklik te vind.

Dussé (1995:63) voeg hierby:

> *Communicative translation attempts to render the exact contextual meaning of the original in such a way that both content and language (or form) are readily acceptable (natural) and comprehensible (intelligible) to the readers.*

1.4 Probleemvrae

Die volgende probleemvrae word in die studie onder die loep geneem:

1.4.1 Is semantiese en grammatikale ekwivalensie by die vertaalde kinderboek ondergeskik aan kommunikatiewe ekwivalensie?

[Onder hierdie terme word die volgende verstaan:

Semantiese ekwivalensie:

dra bloot net die inhoud oor, die vertaler bring geen "verbeterings" aan nie, die boodskap is ondergeskik aan die skrywer.

Grammatikale ekwivalensie:

aspekte soos woord-orde, leksikale verhoudings en ekwivalente betekenisse van morfeme staan sentraal.

Kommunikatiewe ekwivalensie:

kultuurelemente word waar nodig omgeskakel na die reseptorkultuur, die klem val op die boodskap en die vertaler sal dus soms veranderinge aanbring ten einde die oordra van die boodskap te verseker.]

1.4.2 Mag die vertaler die bronteks spesifiek met die oog op die jeugdige reseptor tussen die ouderdom van 9 en 12 aanpas, ten einde die oorspronklike bronteks-boodskap verstaanbaar en aanvaarbaar binne sy unieke leef-wêreld, aan die "nuwe" kinderleser oor te dra?

1.4.3 Om te lees is om nuwe wêrelde te ontdek, kennis te maak met ander kulture. Moet die kultuur-spesifieke begrippe soos dit in die bronteks voorkom, vervang word, aangepas word, of prysgegee word in die vertaalde teks?

1.4.4 Watter rol (met spesifieke verwysing na die oordrag van humor) speel die vertaling al dan nie van die EIENAME in *Die zoep-zap-en-zirts-hom! Avontuur op ORKAANPIEK* in die strewe na dinamiese ekwivalensie ?

1.5 DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is om, met spesifieke verwysing na die vertaalde kinderboek: "The Blood-and-Thunder Adventure on Hurricane Peak" deur Margaret Mahy, in Afrikaans vertaal deur Linda Rode, *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op ORKAANPIEK*, aan te toon dat:

1.5.1 semantiese en grammatikale ekwivalensie by die vertaalde kinderboek beslis ondergeskik is aan kommunikatiewe ekwivalensie, dat die vertaler altyd sal streef na TOTALE ekwivalensie en sal poog om die oorspronklike BOODSKAP (soos bedoel deur die skrywer in die bronteks) VERSTAANBAAR oor te dra aan die leser van die doelteks;

1.5.2 die bronteks wel aangepas moet en mag word om die uiteindelike doelteks meer verstaanbaar en aanvaarbaar (binne sy unieke leef-wêreld) vir die "nuwe" kinderleser te maak;

1.5.3 kultuur-spesifieke begrippe soos dit in die bronteks voorkom beslis nie mag prysgegee word nie, maar aangepas sal moet word of vervang sal moet word met ekwivalente eiesoortige begrippe in die doelteks of metateks;

1.5.4 die vertaling van die Eiename 'n kardinale rol speel in die bereiking van dinamiese ekwivalensie en dat sodanige Eiename sentraal staan in die humoristiese aanslag en styl wat deurgaans gehandhaaf word in *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek*, soos vertaal deur Linda Rode.

In **hoofstuk 2** word 'n oorsig gegee oor die vertaling van die Afrikaanse kinderboek. Die waarde van die vertaalde kinderboek, spesifiek vir die kinderleser in die ouderdomsgroep 9 - 12, word uitgelig. Statistiese gegewens ten opsigte van die publikasie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke word gegee.

In **hoofstuk 3** word algemene teoretiese probleme wat tydens die vertalingsproses ondervind word, toegelig. Dit word egter aan die hand van verduidelikings beklemtoon dat algemene probleme 'n eiesoortige karakter ontwikkel wanneer dit vanuit die oogpunt van die kinderboekvertaler beskou word.

Aan die hand van voorbeelde uit verskillende vertaalde kinderboeke, word daar in **hoofstuk 4** praktiese probleme wat tydens die vertaling van 'n kinderboek ondervind word bespreek. Enkele oplossings word ook voorgestel.

In **hoofstuk 5** word die vertaalde werk, *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek* onder die loep geneem. Voorbeelde van die vertaling van onder andere beeldspraak, humor, eiename en nuutskeppings word aangehaal en bespreek. Hierdie boek is gerig op die jeugdige reseptor tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar en daar word deurgaans gefokus op die behoeftes van hierdie teikengroep.

Ten slotte word in **hoofstuk 6** die genoemde boek evalueer aan die hand van kriteria soos in hoofstuk 1 uitgespel.

In die lig van al bogenoemde word die volgende uitdaging aan die vertaler van die kinderboek:

Kreatief diensbaar aan getrouheid!

ondersoek en toegelig.

HOOFSTUK 2

OORSIG OOR DIE VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEK

2.1 Inleiding

Deur vertalings kan die rykdom van wêreld-kinderliteratuur vir die Afrikaanse kinderleser ontsluit word. Vertalings kan die jong leser, tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar, in staat stel om in sy éie taal kennis te maak met wêrelde wat vir hom ontoeganklik sou bly indien hy dit via 'n tweede of derde taal sou moes bemeester. Volgens statistieke (soos aangtetoon op bladsy 16, 17 en 18 van hierdie hoofstuk) bestaan daar beslis 'n behoefte aan vertaalde Afrikaanse kinderboeke.

2.2 Die waarde van die vertaalde kinderboek

Dit is ongelukkig so dat die kinderleser (tussen die ouderdom 9-12 jaar) die swaarste geraak sou word indien daar steeds minder boeke in Afrikaans vertaal word. Gedurende hierdie tydperk is die kind selde onderlê in meer as een taal. Sy moedertaal is dié taal waarin hy gemaklik kommunikeer en wat hy sonder moeite en inspanning kan lees. Die feit dat daar weinig titels vir hierdie ouderdomsgroep in Afrikaans vertaal word, het tot gevolg dat dié groep kinderlesers uitgesluit word van 'n magdom internasionale literatuur wat spesifiek op hul ouderdomsgroep gerig is. Daar verskyn steeds minder oorspronklike Afrikaanse kinderboeke vir die leser in die ouderdomsgroep 9-12 jaar - volledige besonderhede hieromtrent volg in 2.3.

Gedurende sy middelkinderjare begin die kind om sy hele leefwêreld te sistematiseer deur middel van sy taal. Sy taalontwikkeling het 'n direkte invloed op hierdie prosesse. Dit mag so wees dat sommige kinders reeds van die

ouderdom van ongeveer 10 gemaklik met Engelse leesstof kan omgaan, maar dit geld beslis nie die deursnee Afrikaanssprekende kinderleser nie.

In die middelkinderjare (tussen die sesde en twaalfde lewensjare) *"begin die kind taal gebruik as 'n wyse waarop hy sy eie ervaring kan orden en sy eie gedrag kan reguleer. Hierdie wyse van dink is dan afhanklik van die kind se taalontwikkeling...Op hierdie stadium is denke dus in 'n groot mate afhanklik van taal"* (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:302).

Dit is ook gedurende hierdie fase dat die kind 'n samehangende kognitiewe sisteem ontwikkel en gebruik. Hy is nou in staat om byvoorbeeld verbande te lê tussen hede en verlede, tussen verskillende aspekte van sy leefwêreld en sy beleewenis daarvan.

Ten opsigte van hierdie stadium (die middelkinderjare) kan die volgende belangrike ontwikkelings by die kind waargeneem word (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:293):

- Egosentrisme word oorkom: die kind is nou in staat om weg te kyk van homself, kennis te neem van die standpunte en argumente van ander en afleidings daaromtrent te maak. Hieruit vloei die gevolg van werklike sosiale interaksie.

- Die geheel, nie net meer die deel nie: die kind kan nou kennis neem van 'n groter geheel en raak nie meer verlore in die detail van enkele "deeltjies" van die geheel nie.

- Implikasies word besef: gedurende hierdie stadium begin die kind kennis neem van die invloed wat uitgeoefen word deur verskillende situasies. Hy is dus nie meer slegs behep met die RESULTAAT nie, maar begin vrae vra oor die oorsaak van die proses, en afleidings maak uit die gevolge.

Hieruit blyk dit duidelik dat dit tot die kinderleser se voordeel sal wees indien hy in die boeke wat hy lees, met sy moedertaal kan omgaan, sodat hy gemaklik kan dink en verstaan. Indien die kinderleser in sy middelkinderjare dus uitgesluit word van die wêreldwye kinderliteratuur omdat weinig of geen daarvan meer in Afrikaans vertaal word nie, sal dit beslis 'n nadelige invloed op hom hê. Gedurende die fase van 9 - 12 jaar is die kind uitermate vatbaar vir invloede:

> *children are not only ready for this (translated) literature at a much earlier age than it is usually assumed, but are also much more receptive to this literature and develop more positive attitudes toward people from other countries than do children over thirteen years of age (White, 1992:262).*

Daarom is dit so belangrik dat die kind gedurende hierdie ontvanklike middelkinderjare deur middel van vertaalde kinderboeke aan so veel as moontlik "invloede" blootgestel moet word. In die lig hiervan is dit dus gewis kommerwekkend dat daar oor die afgelope dekade 'n besliste afname in Afrikaanse vertalings van kinderboeke is, soos duidelik blyk uit die volgende statistiek.

2.3 Statistiese gegewens

Volgens ISKEMUS (1989[a]:11), het daar in die tydperk van 1861 tot 1943, 866 Afrikaanse kinderboeke verskyn.

Van 1943 - 1948: 397
1948 - 1953: 544
1953 - 1958: 673
1958 - 1963: 607 (hiervan was 332 vertalings)
1963 - 1966: 574 (360 vertalings)
1966 - 1970: 950 (698 vertalings)
1970 - 1974 : 837 (569 vertalings)

Hieruit is dit duidelik dat daar gedurende die tydperk 1958 - 1974 aansienlik meer vertaalde boeke as oorspronklike werke verskyn het (1959 vertaalde werke teenoor 1009 oorspronklike Afrikaanse werke).

Hierdie situasie het egter gedurende die negentigerjare 'n drastiese ommekeer ondergaan. Alhoewel vertaalde PRENTE-kinderboeke nog volop is, het die vertaling van die kinderboek, gemik op die ouderdom 9 tot ongeveer 12 jaar, skynbaar baie afgeplat. Dit kan gesien word aan die volgende statistiek van kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is, soos verskaf deur die Bloemfontein Openbare Biblioteek (Van der Walt, 1998: Brief):

1994: 29
1995: 74
1996: 74
1997: 51

Gedurende 1998 het die stroompie vertalings ná Afrikaans toe feitlik opgedroog.

- 'n Uitgewer soos Human en Rousseau publiseer gedurende hierdie jaar maar twintig vertaalde kinderboektitels, en dit sluit prenteboeke in!

- By Tafelberg verskyn daar in 1998 vyftien titels gemik op die kinder- en jeugleser: Hiervan verskyn agt in Engels en Afrikaans en sewe in Afrikaans, maar GEEN VERTALINGS nie!

- Anansi Uitgewers publiseer gedurende 1998 vier oorspronklike boeke in Afrikaans, dié word in ses swart tale vertaal, onder andere Xhosa, Zoeloe en Sesotho. Slegs agt kinderboeke word in Afrikaans (maar ook in vier swart tale) vertaal. (Gedurende 1997 verskyn daar ongeveer 27 vertaalde kinderboeke by Anansi Uitgewery.)

- Garamond Uitgewer gee gedurende 1998 agtien kinderboeke in Afrikaans uit; daarvan is nege vertalings ná Afrikaans.

Die uitgewersbedryf in Suid-Afrika gaan skynbaar gebuk onder 'n sukkelende ekonomie - en die uitgee van kinderboeke, spesifiek vertalings na Afrikaans, word direk hierdeur geraak. Uitgewers fokus op boeke wat as ko-produksies in samewerking met oorsese uitgewers uitgegee kan word.

HOOFSTUK 3

TEORETIESE PROBLEME BY DIE VERTALING VAN "N KINDERBOEK

3.1 Inleiding

Soos by enige vertaling moet ook die kinderboekvertaler daarna streef om die "kodes" van die bronteks (dit is byvoorbeeld die eiesoortige segswyses, milieu en verwysings soos wat dit vir die brontekstleser verstaanbaar is) te interpreteer en dan om te skakel tot 'n verstaanbare geheel in die doeltaal. Omdat die teiken van die kinderboekvertaler egter die kinderleser is (vir die doel van hierdie studie: tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar), moet daar voortdurend in ag geneem word dat die kinderleser eiesoortige eise stel. So byvoorbeeld sal die humor van die bronteks by die kinderleser van die doelteks verbygaan indien dit nie aangepas word by die ervaringsveld van die "nuwe" leser nie. Sy agtergrondkennis, insig en onderskeidingsvermoë is anders as dié van die volwasse leser. Internasionale geldeenhede en geregte, geografiese en historiese besonderhede mag dalk binne die verwysingsraamwerk van die deursnee volwasse leser val; vir die kinderleser kan dit egter vreemd en verwarrend wees en sal verduidelikings of omskrywings nodig wees ten einde die doelteks vir hom te ontsluit. Die vertaler sal dus, benewens 'n buitengewone aanvoeling vir bron- so wel as doeltaal, sensitief moet wees vir die unieke behoeftes van die kinderleser op wie die doelteks gerig word:

> *he (the translator) must master the narrative mood in children's stories in both languages; he must posess sensitivity and aesthetic maturity* (Beuchat, 1992:10).

Die rol van die kinderboekvertaler as 'n **begeleier** word beklemtoon in die volgende woorde:

> *I believe that children have a marvellous ability to reexperience the most alien and distant things and circumstances, if a good translator is there to help them, and I believe that their imagination continues to build where the translator can go no further* (Stolt, 1978:132).

Die sterk verbeeldingsmag van die kinderleser kan dus ook vir die vertaler tot troos dien - dié wete dat die kinderleser grense kan verbreek en horisonne kan verbreed wat in die vertaling dalk vir die vertaler soos 'n doodloopstraat gelyk het.

Die vertaler word deurgaans gekonfronteer met die dilemma: in watter mate mag daar aan die bronteks verander word om die nuwe leser van die doelteks te akkommodeer. Saam hiermee loop die nimmereindigende debat oor ekwivalensie - ook die vertaler van die kinderboek kan hieraan nie ontkom nie en word in die praktyk gekonfronteer met die eiesoortige ekwivalensie soos verbonde aan die vertaling van 'n kinderboek met die kinder-teikenmark voortdurend in gedagte. Uiteindelik sal die TOEGANKLIKHEID van die doelteks die maatstaf wees en moet 'n mens saamstem met die volgende:

> *dat 'n streng afbakening van vertaling as spieëlbeeld van die oorspronklike uitgedien is en dat die begrip vertaling uitgebrei moet word om adaptasie en herformulering in te sluit* (Walker *et al.*, 1995:99).

3.2 'n Vertaalstrategie

Dit is oorbekend dat die primêre doel van die vertaler is om die boodskap wat in die brontaal oorgedra word, so goed as moontlik te probeer herhaal in die doeltaal. Hierdie doelstelling geld sekerlik alle vertalers. Hand aan hand hiermee gaan die hoë premie wat geplaas word op die vertaler se beheersing van die NORME [dit is: die beginsels, riglyne en konvensies, aldus Carstens (1992:3)] van die taalpraktyk.

Alhoewel die BOODSKAP sentraal staan by die vertaling van die kinderboek, mag die vertaler nie daarom die bepaalde VORM waarin die boodskap in die brontaal aangebied is, uit die oog verloor nie. Bepaalde stilistiese eienaardighede, middele soos alliterasie, assonansie en rym moet so ver as moontlik behou word, of dan deur ekwivalente vervang word, om sodoende ook wat vorm betref, getrou te bly aan die bronteks.

> *'n Vertaler moet probeer om die totaalstruktuur, dws die globale eenheid van vorm en inhoud van die bronteks oor te dra* (Kroes, 1986:28).

Volgens Kroes is dit ook noodsaaklik dat die professionele vertaler nie lukrake besluite oor vertaalkeuses sal neem op grond van subjektiewe oorwegings nie. Die vertaler moet so ver as moontlik taalkundige motivering kan verskaf vir die keuses wat hy uitoefen (1988: 28). In die geval van die kinderboekvertaler is dit soveel moeiliker, aangesien die denkwyse en spreektaal van karakters in 'n kinderlike milieu dikwels konvensie systap en uniekhede uiter wat nie altyd aan taalkundige reëls en regulasies voldoen nie. (Hiervan is *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek*, soos vertaal deur Linda Rode, 'n uitstekende voorbeeld. In hoofstuk 5 word volledig na voorbeelde hieruit verwys.) Beuchat beklemtoon hierdie ekstra las wat op die skouers van die vertaler van die kinderboek geplaas word, wanneer sy sê:

> *The translator of children's literature must know that interlingual communication implies realizing that something that is easy to say in one language may be difficult in another; he must master the narrative mood in children's stories in both languages; he must possess sensitivity and aesthetic maturity* (1992:10).

Vir die vertaler van die kinderboek sou bogenoemde maar slegs mooi teoretiese ideale bly indien hy nie ook daarin kon slaag om hierdie teorieë spesifiek te benader vanuit die gesigshoek van die kinderleser nie.

In sommige kinderboekvertalings sal grammatikale ekwivalensie en ekwivalensie van vorm ook 'n rol kan speel. Daar sál soms gebruik gemaak moet word van 'n vertaling waar elke grammatikale vorm (woord) in die brontaal dus deur 'n enkele grammatikale vorm in die doeltaal weergegee word; 'n min of meer letterlike vertaling sal aangewend word, miskien met verduidelikende voetnotas.

Meestal sal daar egter by die vertaling van die kinderboek gestreef word na pragmatiese ekwivalensie. By 'n sogenaamde pragmatiese vertaling is ekwivalensie van vorm van sekondêre belang en val die klem op kognitiewe ekwivalensie: hier val die klem op die inhoud, die boodskap wat deur die teks oorgedra moet word, aangesien die oordra van 'n boodskap, en die verstaan daarvan, sentraal staan. Die vertaler sal dus sy soeke na ekwivalensie laat rig deur die spesifieke behoefte van die doelteksleser en die milieu waarbinne die doelteks moet fungeer (Popovic, 1970:82).

In hierdie verband sê Baker dat ekwivalensie

> *looks at how texts are used in communicative situations that involve variables such as writers, readers and cultural context* (1992:5).

In pragmatiese ekwivalensie word daar dus wegbeweeg van die idee dat 'n vertaling 'n presiese weergawe moet wees van die oorspronklike (Walker *et al*, 1995:99). Dit is van kardinale belang om te bepaal wat die doel van die vertaling is, met ander woorde: watter uiteindelike effek/uitwerking/resultaat moet die vertaling op die doeltaalleser hê:

> *every translation process should be guided by the function or 'skopos' which the translation is intended to achieve in the target culture (spesified by the initiatior), and not by the function of the original in the source culture* (Walker *et al.*, 1995:106).

3.3 Ekwivalensie

Ekwivalensie is en bly 'n komplekse kwessie. Geen vertalingteoretikus kon al daarin slaag om 'n objektiewe, toepaslike antwoord te verskaf op dié ekwivalensie-dilemma waarmee elke vertaler worstel nie. Daar moet onthou word dat ekwivalensie nie impliseer dat die doelteks 'n presiese weergawe van die bronteks gaan wees nie - elke taal adem tog sy eie nuanses en elke bronteks lê ingebed in 'n oorspronklikheid wat onherhaalbaar is.

> *The translator has the option, then, of focusing on finding formal equivalents which 'preserve' the context-free semantic sense of the text at the expense of its context-sensitive communicative value or finding functional equivalents which 'preserve' the context-sensitive communicative value of the text at the expence of its context-free semantic sense* (Bell, 1991:181).

In die lig van bogenoemde is dit dus duidelik dat die vertaler altyd die skyf van kritiek sal bly - kies hy om getrou te bly aan die bronteks, sal hy gekritiseer word vir 'n onaantreklike, onoorspronklike vertaling; kies hy om die kommunikatiewe karakter van die bronteks te behou, sal hy gekritiseer word vir die onakkuraatheid van sy "treffende" vertaling!

Die geheim om dan so naby as moontlik te kom aan 'n ekwivalente doelteks lê sekerlik opgesluit in die kommunikatiewe kwaliteite van sodanige teks. By die kinderboek sal dít altyd die finale toets wees wat die vertaler moet slaag:

- word die oorspronklike boodskap oorgedra aan die nuwe leser;
- is dié boodskap vir die nuwe leser net so aanvaarbaar soos wat die oorspronklike boodskap vir die brontaalleser was.

Hierdie feit word onderstreep deur die volgende:

> *(equivalence) is a dynamic phenomenon that depends on the situation and those features in a text which are functionally relevant from a communicative point of view* (Dussé, 1995:29).

House (1977:245) is van mening dat ekwivalensie nie ingeperk behoort te word deur dit te probeer vaspen binne formules en vaste reëls nie. Dit sou die dinamika en eiesoortige soepelheid van elke vertaling, waarsonder ekwivalensie buitendien net 'n leë dop sou wees, kortwiek en veroorsaak dat daar broksgewys met die teks omgegaan word in plaas van om dit as 'n kommunikatiewe eenheid te benader.

Bassnett-McGuire & Lefevere (1993: 4) verwys juis hierna wanneer hulle sê:

"*She* (die vertaler) *has ... used her creativity to ensure communication at the expence of narrowly defined equivalence*".

Daarom behoort daar nooit sprake te wees van 'n VOLMAAKTE vertaling nie, maar eerder 'n SUKSESVOLLE vertaling. Aangesien totale ekwivalensie buite die kwessie is, strewe die vertaler daarna om 'n dinamiese ekwivalensie aan die bronteks te behaal in soveel dimensies as moontlik.

Bogenoemde benadering sal ook impliseer dat die vertaler 'n sekere mate van waagmoed aan die dag moet lê ten einde homself te distansieer van tradisie en konvensie in sy strewe om 'n "funksionele" vertaling te produseer:

> *This means that the translator may decide to flout existing conventions. The combination of functionality plus loyalty means that the translator can aim at producing a functional target text which conforms to the requirements of the initiator's brief and which will be accepted in the target culture* (Walker *et al.*, 1995:107).

'n Algemene opvatting onder hedendaagse vertalers en teoretici is dat geen

vertaling die oorspronklike volmaak kan behou nie en dat 'n eksakte kopié van die oorspronklike nie haalbaar is nie. Volgens Newmark (1991:100):

> *many single words in texts often have perfect translation equivalence ... with their TL correspondents, whatever their degree of context, but the perfect translation of a text - and therefore perfect translation equivalence for texts - does not exist.*

Die nuwe teks word dus in 'n sekere sin 'n nuwe skepping wat die uitvloeisel is van 'n noukeurige omgaan met die bronteks. Natuurlik impliseer dit nié dat die vertaler homself nou mag sien as 'n plaasvervanger van die outeur nie; hy (die vertaler) bly in die eerste plek verantwoordelik vir die oordra van die BOODSKAP van die oorspronklike, met ander woorde: 'n tweede sender binne die raamwerk van 'n algemene kommunikasieproses.

Aangesien daar in 'n kommunikatiewe vertaling gefokus word op die reseptor, is dit by uitstek dié vertalingsbenadering wat gevolg behoort te word deur die kinderboekvertaler, aangesien die kinderreseptor beslis ánders is as die volwassene. Die kinderleser gee nie om waar boeke vandaan kom nie, hulle lees nie boeke OMDAT dit uitheemse boeke is nie (soos wat volwassenes dikwels doen!), hulle lees omdat die storie of die avontuur of die fantasie hulle fassineer - net soos wat hulle sou gedoen het as die boek oorspronklik in hul moedertaal geskryf was.

Vir hulle het dit geen sin om die vertaling met die oorspronklike te vergelyk nie - wat van belang is, is die impak wat die emosionele ervaring op hulle gemoed het. Vir die kinderleser, en dus ook die vertaler van die kinderboek, staan die uiteindelike PRODUK dus voorop, en nie die PROSES as sodanig nie. Die vele verskillende fasette en "eienskappe" van 'n sogenaamde "goeie" vertaling word in feitlik net soveel verskillende definisies uitgespel. Bell verwys na 'n uitspraak van

Tytler (reeds in 1791 gemaak!) waarin hy sodanige vertaling soos volg omskryf:

> *That in which the merit of the original work is so completely transfused into another language as to be as distinctly apprehended, and as strongly felt, by a native of the country to which that language belongs, as it is by those who speak the language of the original work* (Bell, 1991:143).

Natuurlik is bogenoemde "kriteria" moeilik meetbaar en in sommige gevalle heeltemal onhaalbaar; tog val die klem hier op die essensiële waarna elke vertaler van die kinderboek opreg sal moet streef: daardie oordra van die kern, die boodskap, die GEES van die oorspronklike op sodanige wyse dat die nuwe leser dit as 't ware soos sy eie aan sy hart en voorkop kan voel.

En wanneer die kinderboek-vertaler dalk soms verswelg word deur die enormiteit van sy taak, mag hy homself herinner aan die feit dat kinders dwarsoor die wêreld soveel armer sou gewees het as hulle nie deur middel van vertalings toegang gehad het tot die Pinocchio's en die Heidi's van die wêreldkinderliteratuur nie. Deur vertalings word die deur van internasionale raakpunte en begrip oopgemaak (Bamberger, 1978:19).

Geen vertaler wat sy sout werd is sal in sy strewe na ekwivalensie oorboord gaan en homself totaal losmaak van die grense wat binne die bronteks aan hom gestel word nie. Daarom is daar geen regverdiging nie vir:

- goedsmoedse verdraaiing van die inhoud van die bronteks.
- 'n vertaling wat duidelik iets heeltemal anders sê as die oorspronklike.
- 'n vertaling wat méér kommunikeer as wat aan die brontaalleser gekommunikeer is (Beekman & Callow, 1974:24).

Die kinderboekvertaler sal dus daarna streef om die grootste respek te behou vir sy jeugdige reseptor en om in die proses altyd met verantwoordelikheid te weeg en te waardeer voordat hy goedsmoeds die oorspronklike aanpas of omskryf.

> *the communication process in children's literature is much more complex than in adult literature* (Ghesquire, 1981:82).

Hierdie kompleksiteit word teweeg gebring deur onder andere die feit dat die kinderboek nie net uit 'n literêre oogpunt beoordeel word nie, maar ook vanuit 'n opvoedkundige. Veel meer as by volwasse literatuur dien kinderliteratuur as brugbouer tussen kulture, ontsluit dit nuwe wêrelde vir die kinderleser en speel 'n rol in verhoudinge tussen verskillende nasionaliteite.

> *Children's books are one of the most efficient means to sow the seeds of humanity, tolerance and international understanding* (Maissen, 1988:14).

Want, per slot van rekening, is die kinderleser soveel meer weerloos as sy volwasse eweknie - aangesien die jong leser heel moontlik nie in staat is om onjuisthede te "redigeer" terwyl hy lees nie, kan 'n onverantwoordelike" vertaling soveel skade aanrig.

3.4 Om te verander of nié te verander nie

Indien die vertaler tydens sy eie "verstaan" van die brontaal selfs net vermoed dat die kinderleser van die doelteks nie genoegsame agtergrond sal hê om die korrekte kognitiewe afleidings vanuit die teks te maak nie, sal hy (die vertaler) moet "betrokke raak" deur óf 'n verduidelikende aantekening te gee, óf die oorspronklike (vreemde) entiteit te vervang met een wat vir die doeltaalleser bekend en/of verstaanbaar sal wees. Volgens Nord, Reiss en Vermeer (Walker *et al*, 1995:106), soos reeds aangedui, het elke vertaling 'n "skopos", 'n funksie wat dit in die doel-

taal wil vervul. Hierdie "skopos" kan verskil van die funksie wat die teks in die oorspronklike taal gehad het en staan in direkte verband met die kultuur van die doeltaalleser en die doelteks.

> *In their view, therefore, what matters is not faithfulness or equivalence, but whether or not the translation has fulfilled the initiator's needs and can function as an independent text in the target culture* (Walker *et al.*, 1995:106).

Hier is 'n fyn balans egter nodig. Alhoewel daar met die vertaling van die kinderboek juis ook gestreef word na die verbreding en verryking van die ervaringsveld van die leser (vergelyk die kriteria soos genoem in 1.2), mag die oordrag van die oorspronklike boodskap nie hierdeur in die slag bly nie. Die vertaler sal dus voortdurend die volgende teen mekaar moet opweeg:

- in watter mate moet hy getrou bly aan die oorspronklike om sodoende by te dra tot die kulturele verryking van die doeltaalleser;

- in watter mate moet hy deur middel van aanpassings, verduidelikings en nuutskeppings seker maak dat die boodskap van die bronteks vir die doeltaalleser ontsluit sal word deur sy vertaling.

Ten opsigte van hierdie komplekse transformasieproses die volgende:

> *Transformation (translation) is in principle the product of an interpretation. First one decomposes the original object which one is interpreting in order to create thereafter a new object which is recomposed, which is translation* (Andrews, 1992:84).

Hierdie "herskepping" mag tot gevolg hê dat daar 'n verlies aan betekenis sal wees, dat inligting dalk bygevoeg word by die oorspronklike, dat die oorspronklike

dalk aangepas sal word om toeganklik te wees vir die doeltaalleser.

> *The translator (of children's literature) is an associate creator, a link, more cultural than bilingual in nature, and not merely a literal transcriber. He must be aware of the way of thinking, perceiving , and feeling behind any action* (Beuchat, 1992:13).

Dit skyn dus 'n saak van onmoontlikheid te wees om die volmaakte rekonstruksie te produseer en die vertaler van die kinderboek kan slegs maar daarna strewe om getrou te bly aan die "skopos" van sy vertaling.

Andrews (1992:85) maak melding van 'n "invariante kern" wat in vertaling oorgedra moet word. Hierdie kern hang ten nouste saam met dit wat as belangrik beskou word in die bronteks self. As slegs die inhoud van die bronteks as belangrik beskou word, sal die "invariante kern" beskou word as die oordrag van hierdie inhoud, terwyl strukturele aspekte nie betrek sal word nie. So 'n benadering sou impliseer dat die vertaling soos 'n tweede oorspronklike moet lees en dat dit 'n soortgelyke effek op die doeltaallesers moet hê as wat die bronteks op sy lesers gehad het. Sodanige strewe na die naaste natuurlike ekwivalent sal dan 'n dinamiese (Nida & Taber, 1982), 'n pragmatiese (House, 1977) of kommunikatiewe (Newmark, 1981) vertaalstrategie impliseer. By so 'n benadering staan die inhoud dus voorop, terwyl die aanbieding van sekondêre belang is. Die vertaler bly voortdurend gemoeid met die soeke na die wese van ekwivalensie, en die strewe om dit te bereik in elkeen van sy vertalings.

3.5 Die kind as leser

Die vertaalde werk het beslis 'n plek onder ie kinderliteratuur van die wêreld. Ook die Afrikaanse kind sou soveel armer gewees het sonder sy kennismaking met karakters soos Heidi, Pippie Langkous en Pinocchio, om slegs drie te noem.

Kulturele diversiteit, asook sekere raakpunte, word deur vertaalde werke vir die kinderleser toeganklik gemaak. Vir die kinderleser word grense verbreek wanneer sy verbeelding gestimuleer, hy vermaak en ingelig word. Universele onderwerpe wat universele emosies, soos humor, simpatie, liefde en angs aanspreek, is wêreldwyd gewild onder kinderlesers in hul brontaal en boeke wat hierdie onderwerpe aanraak sal dus ook as vertaalde werke tot die kinderlesers van die doeltaal spreek.

Die kind LEEF deur die boek wat hy lees. Hy wil homself heeltemal verloor in die storie wat uit die boek tot hom spreek. Die vertaler, soos natuurlik ook die skrywer, wat dus maksimale toeganklikheid van die teks vir sy kinderleser wil verseker, moet vergeet van mooiskrywery, prekerigheid en onnodige formaliteite. Hoe "eenvoudiger" en minder opgesmuk die teks aan die kinderleser opgedis kan word, hoe makliker sal die leser die oorgang na die werklikheid van die boek kan maak:

> *Omdat die kind se leesbelewenis so intens is, omdat die kind nog daardie verbeeldingskrag en die unieke vermoë besit om die hele boek sy eie te maak, om in werklikheid homself met die boekkarakters te identifiseer, word daardie ervaringe in werklikheid sy eie ervaringe, word dit dus sy eie lewens-ondervinding* (Pienaar, 1968:38).

Alhoewel skrywers en uitgewers sekerlik 'n bepaalde ouderdomsteikengroep in gedagte het wanneer 'n sekere boek gepubliseer of geskryf word, is dit tog gevaarlik om kinders en hul leesstof te wil kategoriseer. Verskillende kinderlesers sal op verskillende stadia met 'n betrokke werk kan identifiseer, en teikengroepe behoort bloot as riglyne te dien.

> *Elke leeservaring behoort vir die kind van betekenis te wees ongeag die ontwikkelingstadium waarin hy hom bevind, wat sy belangstellings ook al mag wees en watter sielkundige behoeftes in die betrokke werk aangeroer word* (Pienaar, 1968:45).

3.6 Kulturele aspekte

Alhoewel die taal-aspek van 'n vertaling nooit geïgnoreer kan word nie, mag dit terselfdertyd nie in isolasie beskou word nie. Veral vir die kinderleser is aspekte soos taal, kultuur en geskiedenis nou verweef en sien die kind dit as 'n eenheid en nie as afsonderlike entiteite nie:

> *While obviously acknowledging the central part played by language in translation, it does not try to separate language from the social, historical and cultural context in which it operates* (Bassnett-McGuire & Lefevere, 1993:2).

Die vertaler is nie 'n rekenaar wat volgens sekere gestandaardiseerde bevele geprogrammeer word om die gewenste eindproduk te lewer nie; die vertaler is in die eerste plek menslik en daarom in staat om die finale keuse en besluite ten opsigte van die eindproduk te maak.

Die vertaler is 'n onontbeerlike onderdeel in die ratwerk van die oordrag van kultuur. Enige vertaling waar die kulturele omgewing van die bronteks aansienlik verskil van dié van die doelteks, stel hoë eise aan die vertaler. Weliswaar het die koms van televisie en die Internet die kinderleser blootgestel aan 'n wêreld wat voorheen vir hom ontoeganklik was, maar die vertaler sal steeds voortdurend gekonfronteer word met keuses ten opsigte van aanpassing al dan nie. Veral by die jonger leser (9-12 jaar) kan dramatiese aanpassings soms steeds nodig wees om 'n vreemde kultuur vir die doeltaalleser te ontsluit.

Terselfdertyd bly die vertaler bewus van die verantwoordelikheid om die jong lesers juis bloot te stel aan internasionale sienswyses en die horison van hul kultuurkennis te verbreed, en om by die kinderleser 'n waardering en toegeneentheid vir ander kulture en nasies te kweek.

> *To meet moral requirements, a children's book - and equally, any book for adults - should serve as a vehicle for human knowledge and culture, and generate an intellect and intelligence of the highest order. Its purpose is to introduce the child reader to the world of common human spiritual and ethical values, and to repulse a narrowly pragmatic consumer attitude to Nature and society* (Motyashov, 1978:100).

Volgens Gentzler (1993:182) is vertaling lank reeds nie meer bloot 'n aktiwiteit wat plaasvind tussen twee TALE nie, maar 'n interaksie tussen twee KULTURE. Ook volgens Durham (1978:104) is dit vir die kinderleser nodig om blootgestel te word aan ander, nuwe kultuurerfenisse, omdat hulle die draers van die toekoms is - *"they will inherit the earth"* - en alleenlik hulself en hul eie kultuur in wisselwerking met ander ten volle kan begryp. Die belangrikheid van kruiskulturele kontak word beklemtoon in die volgende woorde:

> *its (the translation) function is to develop crosscultural constructions while at the same time bridging and underlining the differences*
>
> en
>
> *Intercultural translation has been presented as an operator of coherence; intercultural translation is the indispensable operator of differentiaion* (Hewson & Martin, 1991:25).

Anders as by 'n oorvertelling, wat bloot fokus op die oordra van inhoud, moet daar by 'n vertaling ook rekenskap gegee word van HOE die inhoud oorspronklik gekommunikeer is (Bassnett & Lefevere, 1993:19). Ook is daar by 'n vertaling nie die "hulpmiddels" van intonasie, gesigsuitdrukking en gebare nie. Laasgenoemde

word in die teks weergegee deur woorde soos "*fortunately*", "*to be frank*", "*met 'n skouerophaling*", "*met misnoeë*", ensovoorts, waarmee die vertaler dan die leser moet begelei om die teks op die mees doeltreffende wyse "binne te dring".

Spraak is dikwels stotterend, onderbroke en onbeplan, maar wanneer 'n skrywer produseer, gaan dit gepaard met deeglike beplanning, hersiening van die teks, opweeg van opsies. Skrywers probeer doelbewus vervelige herhalings vermy en is voortdurend op soek na nuwer sinonieme, nuutskeppings en vars metafore. Die eindproduk is beslis meer kompleks as die spontane gespreksituasie.

Die skrywer, en dus die vertaler, het dié bykomende komplikasie om mee rekening te hou: daar is geen terugvoering nie! (Meetham *et al.*, 1969:242). In elk geval nie onmiddellik nie. Soms verloop maande, jare, voordat 'n moontlike reaksie of kommentaar die ore van die skrywer/vertaler bereik. Tog moet die skrywer só skryf en die vertaler só vertaal dat die onbekende leser onmiddellik aangespreek sal word en betrokke sal raak by die teks. En al is dit 'n voldonge feit dat die teks deur 'n onbekende, ontelbare aantal lesers gelees sal word, moet die skrywer en vertaler steeds strewe na "private kommunikasie" sodat elke individu wat met die teks in aanraking gaan kom, dit sal ervaár en dit as 'n private, persoonlike boodskap sal beleef. Al bogenoemde stel besonder hoë eise aan die vertaler, aangesien hier van veel meer as 'n blote transkripsie sprake is: hier moet die BEDOELING van die skrywer gesnap en weergegee word.

Volgens Chernov (1991:30) moet die vertaler voortdurend oordeel wat die WAARSKYNLIKE kennis of insig is wat die doeltaalleser behoort te hê - die vertaler sal dus moet kennis dra van die leefwêreld en ervaringsveld van die (byvoorbeeld) Afrikaanse doeltaalleser. Daarom beklemtoon Chernov (1991:30) die feit dat die

doeltreffendheid van 'n vertaling gemeet word aan die geslaagdheid waarmee die boodskap gekommunikeer word aan die nuwe leser - dit is dus veel meer as 'n blote "*linguistic exercise*":

> *the translation could be regarded as adequate only when the translator has attained the equivalence at two levels (semantic equivalence of the referential subtype - the existence of one and the same referent despite a possible difference in nomination - plus the pragmatic equivalence)* (Chernov, 1991:33).

Die vertaler word dan 'n tussenganger tussen twee kulture in 'n poging om kommunikatiewe oordrag te verseker. Om dié rol te kan vervul, moet die vertaler elke keer sy eie "posisie" ten opsigte van die twee taalkulture bepaal en dié sal binne elke nuwe vertaalsituasie uniek wees. Hierdie "posisionering" sal die teks as 'n geheel geld, maar ook elke individuele komponent van die teks (Hewson & Martin, 1991:132). Hewson en Martin (1991) is verder van mening dat die "kloof" wat daar moontlik tussen bron- en doelteks bestaan, eerder gesien moet word as vrugbare teelaarde waarvan die potensiaal deur die vertaler-tussenganger ontsluit moet word. Daarom is die vertaling 'n DINAMIESE proses wat elke keer nuut omgaan met gevestigde teorieë en opvattings, en voortdurend vernuwe en aanpas. Dit sal meebring, veral by die vertaling van die kinderboek, dat gevestigde sienswyses ten opsigte van vertaling dikwels geëlimineer en vervang word deur 'n nuwe en moontlik "vreemde" benadering.

En veral sal dit die vertaler loon om nooit uit die oog te verloor dat hy 'n belangrike rol te speel het in die proses waarvolgens die kinderleser begelei word tot 'n, al is dit onbewuste, betrokke-raak-by-die-wêreld:

> *Story gives public form to private meanings and thus helps those who receive its messages to reach out to other human beings in the world, knowing that they share some of the same concerns and feelings* (Vandergrift, 1999: Internet).

3.7 Die beoordeling van die kinderboek

Die sukses van 'n vertaling begin reeds by die kommunikasie wat plaasvind wanneer die vertaler as die eerste reseptor van die boodskap, kennis maak met die bronteks. Voordat die vertaler as tussenganger tussen die bronteks (en die spesifieke kultuur van die bronteks) en die uiteindelike leser van die doelteks (met sy spesifieke kultuurbelewenis) kan optree, is dit noodsaaklik dat hy (die vertaler) genoeg tyd sal bestee aan sy eie verstaan en interpretasie van die presiese boodskap van die bronteks. In hierdie verband is die vertaler gelukkig indien hy met die oorspronklike outeur kan kommunikeer ten einde sy interpretasies te kan toets en evalueer voordat hy oorgaan tot die vertaling.

Die vertaler moet terselfdertyd probeer evalueer watter effek die bronteks op die brontekslesser sou hê: was dit 'n humoristiese aanslag, het dit spanning en afwagting geskep by die leser, was daar spesifieke woordkeuses met die oog op bepaalde klanklike effekte, het die teks sekere agtergrondkennis by die leser veronderstel, ensovoorts. Dit is per slot van rekening van die grootste belang dat die vertaler dan in die daarstelling van 'n doelteks daarna sal strewe om 'n soortgelyke effek by sy doeltaalleser te bewerkstellig. Alhoewel die volgende raad veral gemik is op die SKRYWER van die kinderboek, sal elke vertaler sekerlik ook daarby kan baat:

> *So many manuscripts, for example, send messages instead of tellinga story: messages about manners; or respect for people different from oneself...such topics could be effective themes in a story, but only if the conflict and resolution are believable and entertaining, only if the characters are engaging.*
>
> *Ask yourself if you are telling a story or sending a message, and remember that politicians send messages - writers tell stories, whether they are writing fiction or nonfiction* (Underdown,1998: Internet).

Eweneens is dit belangrik dat daar by die interkulturele komponent van 'n vertaling ook baie deeglik rekening gehou moet word met die sosiale en persoonlikheids-eienskappe van die sender (in die bronteks) en die reseptor (van die doelteks) (Chernov, 1991:27). Die sender, die skrywer van die oorspronklike "boodskap", het 'n unieke aard en styl aan die bronteks verleen. Die vertaler sal daarna streef om getrou te bly aan die oorspronklike boodskap en sal dit met groot verantwoordelikheid wil oordra aan die reseptor, dié kinderleser, ontvanger van die boodskap in die doeltaal. Daarom sal die vertaler vertroud moet wees met die spesifieke kulturele samestelling van die doeltaalleser, sy agtergrond en milieu.

> *Understanding messages means drawing inferences from those messages, as well as from the extralinguistic knowledge of the world and of the communicative situation, including its pragmatic components* (Chernov, 1991: 26).

Tog sal die vertaler ook iets van sy eie aard en agtergrond oordra in die vertaling, al sou dit onbewustelik geskied:

> *A translator may react differently toward the theme of the book compared to readers form the native culture, because of his/her own cultural assumptions and social conditions* (Netley, 1992:200).

Dit is veral wanneer hierdie buite-linguistiese faktore ter sprake kom dat hoë eise aan die vertaler van die kinderboek gestel word. Nie alleenlik moet hy homself deeglik vergewis van die kulturele milieu waarin die oorspronklike boodskap sy oorsprong het nie, maar hy moet op hoogte wees van die beleweniswêreld van die kinderreseptor wat die boodskap in die doeltaal gaan ontvang en dit moet kan interpreteer: wat is dit, byvoorbeeld, wat hierdie nuwe leser laat lag, hoe ver is die wêreld van die boek verwyder van sy werklikheid, is dit nodig om aanpassings te maak, ken die kind oorlog (in die geval van byvoorbeeld 'n vertaling van *Anne Frank* uit die Duits), ensovoorts. Faktore soos hierdie sal bepaal in hoe 'n mate die

vertaler aanpassings moet maak ten einde die teks toeganklik te maak vir die leser van die doelteks.

Volgens Ghesquiere (1981:81) lê een van die grootste probleme, wanneer 'n mens met kinderliteratuur te make het, opgesluit in die feit dat die kinderboek beoordeel word deur mense vir wie dit nie bedoel was nie! Aangesien die kinderleser vir wie die werk eintlik bedoel is, nooit genader word om kritiese kommentaar te lewer nie, word dramatiese besluite ten opsigte van kinderliteratuur geneem deur volwassenes, wat op hulle beurt weer beïnvloed word deur die evaluering van ander volwassenes. Ghesquiere maak dan die volgende uitspraak:

> *De meeste teksten over kinderliteratuur leren ons meer over de smaak en de opvattingen van de volwassenen dan wel over de jonge lezers* (1981:82).

Die gevaar bestaan dat die volwasse beoordelaars van die kinderboek hul perspektief sal laat versluier deurdat hulle vanuit hul eie leefwêreld wil oordeel en dikwels sekere opvoedkundige verwagtinge wil inlees of "inskryf" en so die boek en die outeur 'n groot onreg aandoen. Terselfdertyd is dit asof die kind, die leser wat sentraal behoort te staan in die proses, heeltemal buite rekening gelaat word:

> *kunnen we dus stellen dat de verschillende geschriften over kinderliteratuur geschreven zijn door volwassenen voor volwassenen* (Ghesquiere, 1981:81).

So kan die vertaler moontlik oordeel dat iets in die bronteks dan kwansuis opvoedkundig gesproke nadelig mag wees vir die doeltaalleser; wanneer hy dit dan weglaat of aanpas in die doelteks, kan die getrouheid van die vertaling nadelig beïnvloed word (Stolt, 1978:134).

Hierdie situasie kan dan tot gevolg hê dat die skrywer/vertaler, wetende dat die beoordelaars van sy werk **volwassenes** is, sy styl so aanpas dat die eindproduk dan vir **volwassenes** aanvaarbaar sal wees. Op hul beurt kan sogenaamde "kinderboek-beoordelaars" heeltemal uit voeling wees met die werklikheid, sodat die vertaler wat bogenoemde aanpassings maak hom dus in die proses laat mislei. Sodoende kan hy uiteindelik sy eintlike "teiken", die kinderleser, heeltemal mis.

In Suid-Afrika is daar sedert 1991 lofwaardige pogings aangewend om die kinderleser direk te betrek by die evaluering van kinderboeke. Die ATKV, in samewerking met biblioteke reg oor die land, lê jaarliks 'n aantal kinderboeke voor wat deur kinderlesers beoordeel word. Hulle mening word weldeeglik in ag geneem wanneer daar uiteindelik beslis word oor die bekroning van sekere kinderboeke. Evaluering geskied in verskillende kategorieë, en lesers kan direkte inspraak lewer in die evaluering van boeke gemik op hulle spesifieke ouderdomsgroep. [Volgens Labuschagne (1999) het daar van 1991 - 1996 'n getal van 56 456 kinderlesers as "beoordelaars" opgetree vir die ATKV kinderboek-toekenning projek! Hiervan was 7 203 tussen die ouderdom van 8 en 12 jaar.]

Die feit dat die outeur en/of die vertaler hul dikwels nie tot die "echte" kind rig nie, maar tot die pedagogies ideale kind - dié kind wat in die werklikheid beslis nie bestaan nie, maar 'n illusie is in die gedagte van die volwassene (Ghesquiere, 1981:97), kan deur pogings soos bogenoemde teengewerk word.

Volwassenes het dikwels 'n vooropgestelde idee van wat kinders kan verstaan of nie kan verstaan nie, wat hulle van waarde ag en wat nie, wat hulle wil lees en wat nie. Dikwels onderskat hulle die jonger kind in die proses:

> *Research findings indicate that younger children are more receptive to the literature of other cultures and more open to the development of positve attitudes toward people from other countries than older children* (White, 993:65).

Die kind se verbeelding, sy bereidwilligheid om met iets nuut, vreemds, iets uitdagends besig te wees, is verstommend - die enigste vereiste is dat dit vir hom opwindend opgedis moet word! (Stolt, 1978:136).

Wanneer die vertaler dus moet besluit of dit nodig is om veranderinge aan te bring aan die bronteks, sal hy hom moet distansieer van beïnvloeding deur "buitestaanders" en sal bloot sensitief moet wees vir die verwagtinge en ontvanklikheid van die jong doeltaalleser.

3.7.1 Nord se model

Met bogenoemde in gedagte, kan Nord se model (Walker *et al.*, 1995:109) aangewend word om 'n betrokke teks te ontleed met die oog op vertaling. Hierdie model stel die vertaler in staat om, deur middel van 'n aantal vrae (soos aangedui in Tabel 3.1 hieronder) tekstuele en buite-tekstuele faktore te identifiseer wat betrekking het op die bronteks en sy unieke kommunikatiewe aard sowel as op dié van die doelteks:

TABEL 3.1

Vrae in Nord se model

Questions to be asked	What they tell us
Who transmits	information about sender
to whom	what readership
what for	sender's intention
by which medium	e.g. written; spoken
where	origin of communication, e.g. S.A.
when	time
why	motive for communication
A TEXT:	
with what function?	e.g. inform, persuade, etc
on what subject matter?	e.g. commerce
DOES HE SAY:	
what	text content
(what not)	knowledge presuppositions made by sender
in what order	construction of the text
using which non-verbal elements	non-linguistics features e.g. layout, graphics, stage directions
in which words	lexical characteristics, register
in what kind of sentences	syntactic structures
in which tones	persuasive, sarcastic, etc.
to what effect?	summary of all previous questions

(Walker *et al.*, 1995:109)

Met enkele aanpassings kan bostaande model soos volg aangewend word in die ontleding van 'n kinderboek:

TABEL 3.2

Nord se model : Toepassing op die boek *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek*

Vrae gevra	Inligting verkry
ALGEMEEN	
Wie is aan die woord	inligting omtrent sender
Met wie word gekommunikeer	wie is die leser
Met watter doelstelling	wat wil die sender oordra
In watter omstandighede	gesprek, of inligting deurgegee
Wanneer	tyd
METAFORE	
Waarom 'n metafoor	
Met die doel om te	oorreed, vermaak, in te lig
Op watter vakgebied	bv. ekonomie, sport
Wat word oorgedra	
Inhoud	letterlike inhoud van teks
"Verskuilde" inhoud	inligting wat terloops deurgegee word, kennis wat veronderstel word
Volgorde	hoe word die teks saamgestel
Tipografie	uitleg, illustrasies, aanwysings
VERGELYKINGS	
Waarom 'n vergelyking	
Met die doel om te	oorreed, vermaak, in te lig
Op watter vakgebied	bv. landbou, natuurkunde

Wat word oorgedra	
Inhoud	letterlike inhoud van teks
"Verskuilde" inhoud	inligting wat terloops deurgegee word, kennis wat veronderstel word
Volgorde	hoe word die teks saamgestel
Tipografie	uitleg, illustrasies, aanwysings
IDIOME	
Waarom 'n idioom	
Met die doel om te	oorreed, vermaak, in te lig
Op watter vakgebied	bv. geskiedenis, tegnologie
Wat word oorgedra	
Inhoud	letterlike inhoud van teks
"Verskuilde" inhoud	inligting wat terloops deurgegee word, kennis wat veronderstel word
Volgorde	hoe word die teks saamgestel
Tipografie	uitleg, illustrasies, aanwysings
HUMOR	
Waarom humor	
Met die doel om te	vermaak, in te lig
Wat word oorgedra	
Inhoud	letterlike inhoud van teks
"Verskuilde" inhoud	inligting wat terloops deurgegee word, kennis wat veronderstel word
Tipografie	uitleg, illustrasies, aanwysings

EIENAME	
Wat word bereik met die eienaam	
Het ten doel om te	vermaak, in te lig
Aard van eienaam	beskrywend, klanknabootsend
Wat word oorgedra	karaktereienskappe
Met watter doel word eienaam "herskryf"	om te ontsluit, toeganklik te maak

Alhoewel 'n vertaling nie aan eksakte reëls en regulasies gemeet kan word nie, kan 'n model soos hierdie aangewend word as hulpmiddel in die objektiewe ontleding van die bronteks.

HOOFSTUK 4

PRAKTIESE PROBLEME EN VOORGESTELDE OPLOSSINGS BY DIE VERTALING VAN DIE KINDERBOEK

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar aan die hand van voorbeelde uit 'n aantal kinderboeke (in Afrikaans vertaal, uit Engels, gemik op die kinderleser van ongeveer 9 - 12 jaar) moontlike oplossings aan die hand gedoen vir praktiese probleme wat gedurende die vertaling van 'n kinderboek mag ontstaan. Daar word gefokus op die vertaling van beeldspraak, met spesifieke verwysing na die metafoor, vergelyking, idioom en ook woordspelings. Enkele voorbeelde ten opsigte van die vertaling van humor, asook eiename, word ten slotte uitgelig.

In die ontwikkelingsielkunde word die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare as die "middelkinderjare" bestempel. Vir die doel van hierdie studie word daar op hierdie fase gefokus, en die boek *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek*, wat in **hoofstuk 5** ontleed word, is ook gerig op die kinderleser van ongeveer 9-12 jaar. Ten opsigte van die kognitiewe ontwikkeling van die kind tydens hierdie stadium, meld Jean Piaget, een van die invloedrykste psigoloë van die twintigste eeu, dat die kind tydens hierdie ontwikkelingsfase die vermoë tot ware redenering ontwikkel en sy denkvermoë ontwikkel weg van die spesifieke en meer na die algemene (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:292).

Alhoewel die kind in hierdie middeljare-fase nog nie oor die eienskappe en vermoëns van byvoorbeeld die adolessent beskik nie, mag sy ontvanklikheid en leervermoë nie onderskat word nie.

Hierdie tydperk is van kritieke belang vir kinders se kognitiewe, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:283). Gedurende hierdie fase word die "wêreld" skielik groter en die kognitiewe vermoëns van kinders in hierdie ouderdomsgroep stel hul in staat om 'n beter begrip te vorm van dié wêreld waarvan hul deel is. Dit is in hierdie verband wat die vertaler kan meewerk om nuwe ervarings vir dié kind te ontsluit deur hom in sy moedertaal daaraan bloot te stel en om die oorgang tussen die vroeër kinderjare en adolessensie te vergemaklik.

Beeldspraak is beslis toeganklik vir die kinderleser, met dié voorwaarde dat dit binne sy bepaalde verwysingsraamwerk sal val en inpas. Daar kan nie van 'n kinderleser verwag word om 'n beeld te interpreteer indien die verwysing wat in die beeldspraak voorkom, vir die leser heeltemal vreemd is nie. Aangesien die kinderleser 'n baie meer beperkte ervaringsveld en verwysingsraamwerk as byvoorbeeld die volwasse leser het, sal die vertaler daarvoor moet kompenseer en op 'n innoverende wyse NUUT moet dink om steeds die kernboodskap van die beeldspraak oor te dra, maar wel op 'n toeganklike wyse.

4.2 Vertaling van metafore, vergelykings, idiome en woordspelings

Oor die vermoë van die individu om metafories te dink of te verstaan, bestaan daar meningsverskil:

> *Research on metaphoric development and comprehensibility is fraught with contradictions and inconsisitencies which makes it virtually impossible to make generalisations* (Dussé, 1995:188).

'n Navorser soos Kogan (1989:195) beklemtoon die feit dat kinders reeds vanaf 'n vroeë ouderdom metafories kan interpreteer en daarom nie onderskat moet word

wanneer metaforiese taalgebruik ter sprake kom nie. Daar is selfs voorbeelde van jong kinders, sommige selfs in hul kleuterstadium, wat in staat is om kreatief met metafore om te gaan:

> *a 2 year old boy remarking that a crescent moon is "bent like a banana" which would imply that toddlers' speech is full of creative metaphors* (Dussé, 1985:189).

Die vertaler sal dus daarteen moet waak om nie die doeltaalleser te onderskat en metaforiese beelde in die brontaal te vervang met afgewaterde verduidelikings in die doeltaal nie.

Aan die ander kant is daar egter 'n opvatting dat begrip ten opsigte van metafore beperk is by die kind tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar en dat volkome begrip en interpretasie eers op 'n later stadium (14 jaar) by 'n kind aanwesig is. Dussé (1995:192) sê van die kind in die ouderdomsgroep 9-12:

> *Although they may also be able to comprehend difficult metaphors their interpretations will be less elaborate than young adults (12 years and older) and they cannot yet fully cope with relational metaphors.*

Die taalontwikkeling wat gedurende die middelkinderjare plaasvind, is baie belangrik. Nie alleen is daar 'n groot toename in woordeskat nie, maar ook die lengte en kompleksiteit van sinne neem toe. Vanaf ongeveer die ouderdom van agt jaar begin die kind begrip toon vir woorde met 'n "dubbele" betekenis, m.a.w woorde wat letterlik en/of figuurlik geïnterpreteer kan word.

> *Op 'n ouderdom van ongeveer tien jaar kan die meeste kinders die woorde met dubbele betekenisse korrek gebruik. Die kind kan gewoonlik dan ook die verband tussen die twee betekenisse verduidelik* (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:302).

Alhoewel daar gedurende hierdie ontwikkelingstadium nie nuwe taalvaardighede aangekweek word nie, vind daar tog 'n uitbreiding en verfyning plaas van dié vaardighede waaroor die kind reeds beskik.

Navorsing in hierdie veld is skaars en veralgemenings kan moeilik gemaak word. Tog is dit, vanuit die oogpunt van die kinderboekvertaler, noodsaaklik dat die gemiddelde kinderleser in ag geneem moet word wanneer die vertaling van metafore ter sprake is. Vir die kinderboekvertaler is dit die hoogste prioriteit dat die doeltaalteks vir die leser toeganklik moet wees. Die uitdaging is om hierdie toeganklikheid moontlik te maak sonder om oorspronklikheid in te boet óf om die kinderleser te onderskat.

4.2.1 Metafore en vergelykings

Die begrip "metafoor" is tradisioneel 'n komplekse een. Menige studie, referaat en selfs meningsverskil het al rondom hierdie onderwerp die lig gesien:

> *Not unlike translating, metaphoring has been a troublesome issue for linguists...* (De Beaugrande, 1978:66).

Vir die doel van hierdie studie is dit ook nie nodig om in besonderhede op hierdie "dispuut" in te gaan nie, aangesien die klem op praktiese voorbeelde en voorgestelde oplossings val. Die volgende uiteensetting, soos gegee deur Kogan, kan egter as riglyn dien:

> *metaphor is defined as a special type of similarity that overrides conventional category boundaries and brings together objects or events that normally belong to different domains...* (1989:194).

Wanneer die vertaler gekonfronteer word deur 'n metafoor in die brontaal, is daar verskeie uitweë vir hom moontlik. Vir die vertaler van die kinderboek bied die

metafoor nog groter uitdagings, aangesien hy voortdurend die gedagtewêreld, ervaringsveld en kulturele milieu van die doeltaalleser voor oë moet hou:

> *aquainting oneself with the foreign culture and historical setting of the language in which one wants to translate metaphors in particular is of vital importance* (Dussé 1995:118).

In die vertaling van die metafoor sou die vertaler een van die volgende maklike opsies kon kies:

- die beeld kan doodeenvoudig weggelaat word sonder dat die gang van die verhaal noodwendig nadelig beïnvloed word;

- die beeld kan vervang word deur 'n verduideliking wat toeganklik sal wees vir die doeltaalleser, soos byvoorbeeld in die volgende Afrikaanse vertaling van die bekende *Avonture van Asterix* (uit Engels):
  - 'n Baie ontstoke Obelix sê: *"You're a glutton for punishment, aren't you?"*
    en dit word in Afrikaans: *"Jy leer ook nie, né!"*
  - *"Losing face with Cleopatra"* word vertaal met *"Dit lyk my ek gaan verloor."*

- die vars, oorspronklike beeld van die brontaal kan vervang word met 'n bekende, afgesaagde, verstaanbare beeld.

Nie een van bogenoemde opsies sou egter laat reg geskied aan die dinamika van die oorspronklike nie en sal slegs 'n makliker uitweg wees waartydens die vertaler hoogstens "kommentaar" lewer op die oorspronklike. Soos Dussé aandui wanneer hy sê:

> *The dangers are that the resulting TL expression rises to the level of commentary rather than translation, and that the paraphrase may not only lack the full suggestive and explorative nuances of he original metaphors, but will definitely also lack its impact and vigour* (1995:120).

Die volgende is sommige van die probleme waarmee die vertaler sal moet rekening hou gedurende die proses van die vertaling van metafore:

- Dit mag wees dat die ter sprake beeld heeltemal onbekend is vir die doeltaalleser, of beslis nie in sy alledaagse handel en wandel ter sprake kom nie. Alhoewel die horisonne van ook die jong kinderleser weldeeglik verbreed is deur televisie, identifiseer hy steeds moeilik met "volksvreemde" entiteite. So byvoorbeeld bly sneeu 'n vreemdheid vir die Suid-Afrikaanse kind, terwyl 'n kameel in Kaapstad as 'n verbeeldingsvlug geëtiketteer sou kon word! Indien so 'n "vreemdheid" dus in die oorspronklike metafoor voorkom, sal die vertaler na 'n ekwivalent moet soek wat deur die doeltaalleser assimileer kan word.

- Baie keer word sekere konnotasies rondom 'n metafoor geïmpliseer. So byvoorbeeld sal (in Bybelse verband) die woord "skaap" 'n volgeling, verlorene of dissipel kan impliseer, terwyl "soldaat" weer sou kon verwys na 'n Christen - maar slegs indien die leser die nodige agtergrond het en hierdie spesifieke verwysingsveld aan hom bekend is.

In die volgende vergelyking: "Hy is so dom soos 'n skaap", sou die leser moet kennis dra van dié besondere karaktertrek van 'n skaap, naamlik sy gewaande onnoselheid. Indien nié, sou die betekenis van die vergelyking natuurlik by hom verbygaan. Dié uitdaging waarmee die vertaler gekonfronteer word, is om die oorspronklike metafoor of beeld in die doeltaal op so 'n wyse te "herskryf" dat dit

beskou sou kon word as 'n "ekwivalente oorspronklike". In sy strewe om 'n ekwivalente beeld of metafoor in die doelteks aan te wend, sou dit vir die kinderboekvertaler soms moontlik wees om 'n sogenaamde "formele ekwivalent" ('n woord-vir-woord vertaling) te gebruik. Dit sal beteken dat die doeltaalleser met die beeld sal moet kan identifiseer en dit sal moet assimileer **in dieselfde mate** as wat die kinderleser van die bronteks dit kon doen.

Hierdie soort "direkte vertaling" word veral aanbeveel vir wanneer die metafoor in die bronteks uniek en nuut is en dikwels met groot sukses net so oorgedra kan word na die doelteks, aangesien die doeltaallesers dit sal kan verstaan. Newmark (1988:48), 'n voorstaander van die behoud van die oorspronklike metafoor in die vertaling, erken dat sodanige vertaling gerig sal wees op 'n intelligente, opgevoede leser wat die kulturele agtergrond sal hê om die metafoor te kan ontsluit. Dit is te betwyfel of die kinderleser, tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar, altyd aan hierdie kriteria sal voldoen.

In Dussé (1995:125) word verskillende moontlikhede aan die hand van die volgende voorbeeld geïllustreer:

"No man is an island"

A. "Geen mens is 'n eiland nie" - die metafoor word onveranderd behou.

B. "Geen mens is soos 'n eiland nie" - die metafoor word vereenvoudig tot 'n vergelyking. Alhoewel 'n baie eenvoudige manier om die probleem van metafoor-vertaling te omseil, is dit natuurlik so dat nie alle metafore 'n element van vergelyking bevat nie.

C. "Geen mens is soos 'n bergspits nie" - die beeld in die metafoor word

vervang deur iets wat miskien meer bekend sal wees aan die doeltaalleser, maar die WESE van die oorspronklike metafoor word nie aangetas nie.

D. "Geen mens is 'n eiland nie. 'n Eiland is geïsoleerd, maar geen mens kan homself isoleer van ander mense nie" - die metafoor word dus behou, maar word toegelig deur 'n verduideliking.

E. "Geen mens kan geïsoleer word van alle ander mense nie" - die metafoor verloor as 't ware sy "metafoorstatus" en word vervang deur 'n parafrase.

Nie een van bogenoemde kan voorgehou word as die volmaakte antwoord of metode wat aangewend moet word in die vertaling van die metafoor nie. Veel eerder moet elke metafoor of idioom of beeld na eie waarde beoordeel en benader word.

> *The translator should always be alert to the occasional exception but generally it is felt that as the type of text determines thetranslation type (method) to be adopted, and the type of metaphor determines the translation procedure (equivalent) to be chosen* (Dussé 1995:131).

Aangesien die jong kinderleser egter dikwels nie bekend is met die brontaal-metafoor nie, sal die kinderboekvertaler meer dikwels gebruik maak van voorbeeld C, soos hierbo genoem. Die soeke na 'n OORSPRONKLIKE metafoor of beeld vir die doelteks is 'n opwindende proses waartydens die vertaler met groot sensitiwiteit met die bronteks sal moet omgaan, maar terselfdertyd nie mag huiwer voor die uitdaging om nuut te dink nie en selfs te skep waar nodig. Laasgenoemde sal tot gevolg hê dat die eindproduk in die doeltaal nie net op 'n sprankelende toon met die doeltaalleser sal praat nie, maar dit sal ook meebring dat die doeltaal op 'n treffende wyse tot sy reg kom, soos in die volgende voorbeelde:

Uit: *Asterix en Cleopatra*, uitgegee deur Human en Rousseau

- Die bekende *"magic potion"*, wat so gereeld in die Asterix-verhale ter sprake kom, word in Afrikaans *"towerdoepa"*.
- Wanneer die paleis geopen word, word dit in bekende Afrikaanse idioom gedoen: *"ons sal binnekort die dak kan natmaak"*.
- En wanneer planne beraam word, kom die bekende *"hiervoor sal ek 'n stokkie steek"* spontaan oor die lippe.

Bogenoemde benadering tot die vertaling van 'n metafoor verg beslis waagmoed van die vertaler. Soos altyd sal die uitdaging bly om juis te midde van die waagmoed en inisiatief steeds te streef na dié vertaling wat getrou sal bly aan die BOODSKAP van die oorspronklike. Die vertaler sal, byvoorbeeld, met groot omsigtigheid te werk moet gaan om te verseker dat daar in die "nuwe" metafoor nie negatiewe of onvanpaste konnotasies opgesluit lê nie - sodanige "afwykings" in die nuwe metafoor kan die aandag aflei van die oorspronklike boodskap van die brontaal.

Beekman en Callow (1974:144 -145) beklemtoon dat die vertaler 'n onderskeid moet tref tussen sogenaamde "dooie" metafore (dit is metafore wat deur herhaalde gebruik hul varsheid en beeldrykheid verloor het) en "lewende" metafore (dit is "nuwe" metafore waar vars, oorspronklike beeldspraak manifesteer). Om dit te kan doen, moet die vertaler die metafoor ontleed om die presiese boodskap wat die metafoor wil oordra, te bepaal. Sodoende sal dit moontlik wees om vas te stel in watter mate elke aspek van die metafoor vertaalbaar is al dan nie. Beekman en Callow is van mening dat die vertaler so ver as moontlik moet strewe na 'n letterlike oordrag van die oorspronklike metafoor - veral by die "lewende" metafore. Terselfdertyd sou hulle die vertaler wou aanmoedig om by die uitgediende en kleurlose metafoor in die brontaal, NUUT te dink.

In hierdie verband sê Hrushovski:

> *we must observe metaphors in literature not as static, discrete units, but as dynamic patterns, changing in the text continuum, context-sensitive, relating to specific (fictional or real) frames of reference and dependent on interpretations* (1984:5).

Voorts word enkele voorbeelde uit geselekteerde kinderboeke en die vertalings daarvan gegee:

A. ***Wegloop winter*** **deur Rona Rupert**
Runaway Winter**, vertaal deur Val Gey van Pittius**

In die eerste voorbeeld verloor die pragtige metafoor soos dit in die oorspronklike Afrikaans voorkom, feitlik al sy trefkrag en word dan 'n blote beskrywende byvoeglike naamwoord in die vertaalde weergawe:

Hy vlug ... verby 'n ander **holoog-buitegebou** ...
... *he passed a* ***windowless*** *outbuilding* ...

Ook die beeldspraak wat die angs van die hoofkarakter in die oorspronklike weergee, waar die skrywer treffend gebruik maak van die sirkus-terminologie wat dwarsdeur die verhaal aanwesig is, gaan verlore in die volgende voorbeeld:

As Carlos hom voor hom uit oor die gespanne koord laat loop het,
kon die afgrond voor sy voete nie wyer gewees het nie.
...the horror of the prospect could not have been greater ...

In kenmerkende Rona Rupert-styl spreek die volgende metafoor amper beter tot die volwasseleser as tot die jong leser, en moet 'n mens toegee dat dié unieke manier van 'n ding in Afrikaans sê, bykans onvertaalbaar is:

Hulle eet die middag stil.

They ate in silence.

Bogenoemde aankondiging word voorafgegaan deur die groot opgewondenheid wat onder almal heers by die afwagting voor 'n strandpiekniek. Die heerlikste piekniekmaaltyd word opgedis, al die kinders is in die sewende hemel van geluk ... en dan: "Hulle eet die middag stil." Natuurlik het dit feitlik niks te make met "They ate in silence" nie!

B. ***The small Clay Bull*** **deur Marguerite Poland**
Die klein Kleibulletjie, **vertaal deur Nerina Ferreira**

In die vertaling van hierdie Afrika-sprokie uit die Engels word daar plek-plek treffende omskakelings aangetref:

Only crows - the ragged people of the sky ...

Net die kraaie - die verflenterde mense van die lug ...

en die volgende vergelyking:

His father's voice seemed loud and rich and fat with breath like a deep clay pot sounds when it is set down gladly, ready to fill with food.

Sy pa se stem klink soos 'n diep kleipot wanneer dit gretig neergesit word omdat daar so baie kos is om hom vol te maak.

C. ***Is Gideon dan 'n swartskaap?*** **deur Maretha Maartens**
Black Sheep, **vertaal deur Madeleine van Biljon**

In die volgende voorbeeld

Jy is 'n regte renoster!

kan die brontaalleser heel waarskynlik self betekenis heg aan dié uitdrukking - die

eienskappe van 'n renoster is aan hom goed bekend. Die vertaler vind dit egter nodig om in die Engels die renoster te "kwalifiseer":

*You're as surly as an **ill-tempered** rhinoceros!*

4.2.2 Idiome

'n Idioom is 'n segswyse en/of uitdrukking wat eie is aan 'n bepaalde volksgroep en hul taal. Daarom is idiome in baie gevalle, meer nog as metafore en vergelykings, kultuurgebonde. Dit is baie selde dat 'n idioom letterlik vertaal kan word, en daar moet meestal gesoek word na 'n geskikte ekwivalent.

In die volgende voorbeeld (uit: ***Is Gideon dan 'n swartskaap?*** **deur Maretha Maartens;** ***Black Sheep,*** **vertaal deur Madeleine van Biljon)** speel die verhaal af onder die Voortrekkers in die tyd van die Groot Trek. Dit is daarom te verwagte dat daar in die Afrikaanse idioom baie verwysings sal wees na gebruike en gesegdes van daardie tyd, eie aan die Afrikaner en Suid-Afrikaner. Die vertaler het dus hier uit die staanspoor te make met 'n diepgewortelde kultuurspesifieke tema wat vir hom baie probleme sal veroorsaak, en/of uitdagings sal verskaf.

In die tipiese ossewa-idioom word vir die slonserige hoofkarakter gevra:

Hoe lyk jy dan so lunsriemerig, jong?

Why are you so filthy, boy?

Die vertaling gee wel dieselfde boodskap weer, maar tog mis 'n mens die oorspronklike idioom soos wat dit in die brontaal voorkom.

In die volgende voorbeeld slaag die vertaler egter daarin om die Afrikaanse segswyse te vervang met 'n Engelse idioom wat dieselfde gees en boodskap as die

oorspronklike oordra:

> ...en nou staan en **roskam** jy my ook ...
>
> *and now **you haul me over the coals** ...*

En ook:

> Jy raak rammetjie-uitnek
>
> *You're getting too big for your boots.*

4.2.3 Woordspelings

By die woordspelings is dit dikwels moeilik, selfs onmoontlik, om 'n direkte ekwivalent daar te stel in die vertaling. Juis daarom is hier nie sprake van 'n stel reels of formules wat die vertaler dan net kan uithaal en dan as 't ware meganies toepas nie, soos bevestig deur die volgende woorde van Wolf Harranth, wanneer hy na woordspelings verwys:

> *These ... are more often translatable with intuition and a feeling for language than one might assume, not least because the translator here has more latitude than usual* (1985:7).

'n Treffende voorbeeld van die vryheid wat 'n vertaler homself by die vertaling van woorspelings kan veroorloof, word aangetref in die vertaalde titel van die kinderboek *Dorp dead* (= Drop dead) deur Julia Cunningham, wat in Afrikaans geword het: *Gaan bras* (= Gaan bars)! Ook in die vertaling van die titel *The battle for Bubble and Squeak* deur Philippa Pearce, het Leon Rousseau dit omskep tot *Die stryd om Huts en Pot*": 'n minder gesoute vertaler sou dalk nie "Bubble and Squeak" herken het as 'n tipiese Engelse gereg nie; Rousseau vind daarvoor 'n ekviwalent in die Afrikaanse "hutspot".

Uit al bogenoemde blyk duidelik dat besondere eise aan die kinderboekvertaler gestel word: 'n sensitiwiteit ten opsigte van en vertroudheid met die aard en wese van die doeltaalleser is onontbeerlik. Die vertaling van idiome, woordspelings, metafore en vergelykings vra van die vertaler om in so 'n mate met die oorspronklike BEDOELING van die skrywer te identifiseer, dat hy dan in sy vertaling sal kan dink soos die skrywer om uiteindelik dieselfde boodskap aan die doeltaalleser te kommunikeer. Volgens Wolf Harranth sal die geslaagdheid al dan nie van 'n vertaling uiteindelik juis hieraan gemeet word:

> *The quality of a translation is revealed by how elegantly the translator circumnavigates such hurdles - or by the foundering of his language vessel* (1985:8).

4.3 Die vertaling van HUMOR

Volgens Van der Westhuÿsen en Schoeman (1985:292) speel humor 'n baie belangrike rol in die middelkinderjare- stadium. Dit is die stadium waartydens kinders dit geniet om grappe te vertel en poetse te bak. Die vermoë om humor te waardeer by kinders neem toe namate hulle kognitief ontwikkel. Uit 'n reeks toetse met grapprente waarby 64 kinders tussen die ouderdomme van sewe en elf betrokke was, word die volgende afleiding gemaak:

> d*at kinders dus net werklik vir iets lag en dit geniet as hulle dit verstaan en kognitief daardeur gestimuleer word* (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:315).

Dus is dit van die uiterste belang om daarop te let dat humor deur die kind VERSTAAN moet word en dat dit hom kognitief moet stimuleer voordat hy sal lus wees om daarvoor te lag. Indien humor dus té eenvoudig aangebied word, sal dit die kinderleser in die ouderdomsgroep koud laat. Terselfdertyd moet die skrywer,

en dus die vertaler, bewus wees daarvan dat die kinderleser se humorbelewenis direk verband hou met sy belewenis van sy wêreld; iets wat dus buite hierdie beleweniswêreld val, sal dus beswaarlik op sy humorsin kan inspeel.

> *Children love to be surprised but depending on their age, their world experiences might be quite limited. As a consequence, in order for the surprise to be successful, it needs to involve a circumstance that they basically understand* (Irish, 1999: Internet).

Wanneer 'n boek 'n humoristiese aanslag het, is dit asof skeidsmure van kulturele verskille summier afgebreek word. Indien die humor op 'n geslaagde wyse aan die reseptor oorgedra word, vervaag ander struikelblokke wat normaalweg kommunikasie sou gekortwiek het. 'n Verhaal wat in 'n kultureel-vreemde milieu afspeel, kan moontlik sy leser afskrik; indien die verhaal egter deurspek is met humor, kan die jong leser, as ' t ware téén sy natuurlike "weerstand", betrek word by en geboei word deur die verhaal.

> *because of all unifying factors, humour is one that transcends frontiers - or perhaps, rather, slips past or under or over them when solemnity and pretentiousness aren't looking* (Bell, 1985:8).

Wanneer 'n mens byvoorbeeld in hierdie verband na die bekende *Asterix*-reeks kyk, is dit duidelik dat die "volksvreemde" Franssprekende Galliese hoofkarakter sonder moeite Engels of Afrikaans kan praat, juis omdat die onderliggende komiese situasie oor alle grense heen aanspreek.

By komiese woordspelings is dit selde vir die vertaler moontlik om direk te vertaal. Hier, meer as by ander aspekte van vertaling, moet die vertaler die vryheid hê om aan te pas en te hervorm sodat die humoristiese aanslag uiteindelik dieselfde effek op die doeltaalleser sal hê as op die oorspronklike kinderleser. Dit alles word natuurlik gekompliseer deur die feit dat HUMOR nog selde, indien ooit, deur definisie of rigiede riglyne vasgepen kon word:

> *Humour is a most peculiar thing, when you stop to think of it: universal, easily recognizable, extraordinarily hard to define* (Bell, 1985:13).

Wat die oordrag van humor nog meer kompleks maak, is die feit dat baie humoristiese kinderboeke met die eerste oogopslag oneerbiedig voorkom en soms selfs mag aanstoot gee vir die "sensitiewe" (volwasse?!) leser. Dit is eers wanneer die leser intens betrokke raak by die teks dat die subtiliteit en finesse waarmee die skrywer te werk gegaan het, sigbaar word. So byvoorbeeld word die sensitiewe onderwerp (vir jong kinders en hul ouers!) van bevrugting en uiteindelik die aankoms van die nuwe baba, spontaan en sensitief oorgedra in 'n hele aantal pragtige kinderboeke, waar die humoristiese aanslag enige ongemaklikheid uit die weg ruim. [Voorbeelde hiervan is: "Waar kom ek vandaan", deur Murray Janson, en "Die nuwe baba", uit die Engels vertaal deur Linda Rode.]

Indien 'n kinderboekvertaler dieselfde effek wil bereik met sy vertaling, sal dit van hom vra om dieselfde aanslag as die brontaalskrywer te probeer aanwend, maar tog terselfdertyd die spesifieke behoeftes van sy teikenmark duidelik voor oë te hou.

Waar sommige kinderboeke moontlik kan aanstoot gee indien die didaktiese boodskap aan die leser opgedring word, kan 'n skrywer dieselfde didaktiese ondertone deeglik kamoefleer deur van humor gebruik te maak, sodat die leser uiteindelik al skaterend en onbewustelik deur die boodskap oorspoel word. In die bekende *Matilda* deur Roald Dahl is die ouers van Matilda sekerlik die teendeel van wat tradisioneel van "behoudende" en "voorbeeldige" ouers verwag sou word: die ouers in hierdie verhaal dring byvoorbeeld daarop aan dat Matilda minder moet lees en meer televisie moet kyk! Maar as gevolg van die sterk humoristiese ondertoon

slaag die verhaal daarin om sy leser betrokke te kry en geboei te hou tot aan die einde - wanneer die "aweregse" ouers se optrede in perspektief gesien kan word.

Die teendeel is egter ook waar: die vertaler durf nie 'n humoristiese toon voeg by 'n werk wat oorspronklik bedoel was om 'n ernstige aanslag te hê nie. In die vertaling van *The Wump World* deur Bill Peet word die oorspronklike droewige stemming vervang deur 'n komiese atmosfeer - hoofsaaklik vanweë 'n beryming van die teks wat 'n korter, kriptiese vertaling tot gevolg het. Pieter W. Grobbelaar wyk ook tipografies af van die oorspronklike en alhoewel die visuele vindingrykheid seker die aandag van die kinderleser trek, sy lagspiere prikkel en tot hom spreek, word die BOODSKAP van die bronteks beslis afgewater (Reimers, 1985:15).

Die gebruik van beledigende taal, of selfs vloek- of skelname, mag in Engels komies voorkom. Indien daardie woorde egter summier in Afrikaans oorgesit word, kan dit aanstoot gee. Die vertaler poog in so 'n geval om die atmosfeer sowel as die humoristiese toon te behou, maar sonder om dit kru of onwelvoeglik oor te dra.

Ten slotte, wanneer die vertaler worstel met die oordrag van humor in die vertaling van die kinderboek, is dit belangrik om te let op die volgende uitspraak van Michael Cart, 'n bekende outeur en kenner op die gebied van humor in kinderliteratuur:

> *But what exactly is it that makes a children's book funny? The simple answer is this: the same things that make an adult book funny; i.e. exaggeration, slapstick, irony, incongruity, surprise, a feeling of superiority to others, frustration of expectation, wordplay, the subversive, and enough other literary devices to fill a book about humor* (Cart, 1999: Internet).

4.4 Die vertaling van EIENAME

In die algemeen word by die vertaling van eiename die riglyn gevolg om eiename so ver as moontlik in hul oorspronklike vorm te behou, aangesien hulle meestal onvertaalbaar of moeilik vertaalbaar is. 'n Uitsondering sou wees wanneer daar reeds 'n erkende vertaling bestaan (Newmark, 1981:70).

Indien die eienaam egter nie net 'n "naam" is nie, maar ook "noem" of "benoem" (Nelson, 1991:12), word 'n heel nuwe dimensie aan die eienaam verleen. Dit is dan veral die geval by sommige kinderboeke waar die keuse van spesifieke eiename 'n integrale deel van die verhaal vorm.

By die kinderboek (vir lesers tussen die ouderdomme 9 en 12 jaar) is die keuse van eiename selde toevallig. Elke eienaam word gekies om op die mees doeltreffende wyse kleur te gee aan die betrokke karakter. Dikwels is dié naam so beskrywend dat verdere kommentaar ten opsigte van karaktereienskappe of gedragspatrone van die betrokke karakter heeltemal oorbodig is. Soms het eiename 'n spesifieke betekenis of klankwaarde en verg dit van die vertaler groot vindingrykheid om in die vertaling hieraan te laat reg geskied:

- *Oliver Button is a sissy* deur Tomie de Paola: *Olivier Knopie* of *Knopie Olivier* sou beslis nie aanvaarbaar wees nie, en die vertaler vind die oplossing in 'n splinternuwe *Sarel is 'n sissie*;

- In *Ms Buggbuster and the brainwashers*, in Afrikaans vertaal as: *Juffrou Luisenbosch en die breinwassers*, (oorspronklike en vertaling deur Janie Oosthuysen) slaag die skrywer/vertaler daarin om 'n soortgelyke klankwaarde oor te dra deur alliterererende klanke te behou:

- *Maggie* en *Freddy* word *Mieke* en *Frikkie ;*
- *Orangutans, earwigs, beastly bugs* word *Orangoetangs, oorkruipers, grieselrige goggas;*

In die volgende voorbeelde word die betekeniswaarde van die oorspronklike eiename behou deur vernuftige vertaling:

- *Mr Locustus* word *Meneer van Sprinkaenen*
- *Mr Gnatt-Strainer* word *Meneer Muggiesifter*

- *Impunity Jane* deur Rumer Godden, word *Rabbedoesie* onder die pen van vertaler Freda Linde;

- *Macaroon* deur Julia Cunningham handel oor 'n wasbeertjie. Weer eens het Freda Linda nie die weg van letterlike vertaling (iets soos "amandelkoekie" of dalk "makarolletjie") gevolg nie, maar eerder 'n oorspronklike *Bontjie*.

Dit is interessant om daarop te let dat daar in die vertaling van die Asterix-reeks (uitgegee deur Human & Rousseau) gebruik gemaak is van twee vertalers, van wie die eerste (in die eerste twee boeke) die bekende hondjie *Dogmatix* vertaal het met *Woefix*, terwyl die tweede vertaler (Ludwig Visser), die Afrikaanse hondjie herdoop het tot *Brakmatix!*

Dit sou seker ideaal wees as 'n mens in alle gevalle die oorspronklike name kon behou, maar veral vir die jong kind moet anderstalige name dikwels 'n bietjie vereenvoudig of heeltemal verander word, terwyl ander eiename doodeenvoudig hul trefkrag vir die doeltaalleser sal verloor indien die oorspronklike net so behou word, soos hierbo aangetoon.

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde. Daar word in hoofstuk 5 breedvoerig verwys na die vertaling van eiename soos dit voorkom in *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek*, vertaal deur Linda Rode.

By die vertaling van sodanige eiename het die vertaler dus 'n besondere verantwoordelikheid om seker te maak dat relevante inligting dinamies en ekwivalent aan die doeltaalleser gekommunikeer word. Om hierin te slaag is dit nodig dat die vertaler die eienaam moet ontleed om seker te maak watter assosiasie, binne die konteks van die verhaal, die skrywer wou oproep by die lees van die spesifieke naam. In hierdie verband merk Nelson, na aanleiding van haar vertaling van eiename in die Nederlandse kinderboek *Otje* die volgende op:

> *Dit was van die uiterste belang om met behulp van analise vas te stel wat die boodskap was wat hulle moes oordra en dit weer te gee in name wat vir die kind hierdie boodskap sou kommunikeer* (1991:147).

Alleenlik deur deeglike analise sou die vertaler daarin kon slaag om dieselfde assosiasies in te bou in die naam wat hy in die vertaling gebruik.

Indien 'n eienaam nie besondere inligting moet oordra nie, is daar geen rede waarom dit nie in die oorspronklike vorm behou kan word nie. Tog moet daarop gelet word dat selfs sodanige eiename soms uit 'n uitspraak-oogpunt nie suksesvol aan die doeltaalleser gekommunikeer sal kan word nie. In so 'n geval sal die naam dan verafrikaans kan word - soos byvoorbeeld in die boek *Amy's goose* (E.T. Holmes) waar die naam van die hoofkarakter (*Amy* - vir die jonger Afrikaanse leser sou dié naam in Afrikaans A-my geword het) byvoorbeeld verander word na *Elma*. In *Borka* deur J. Burningham, kon die vriendelike gans haar *Borka*-naam net so in Afrikaans behou ; haar van *Plumpster* was egter té Engels en is deur Freda Linde vertaal met *Bonke*.

Volgens Linde sou 'n mens, indien letterlik te werk gegaan word, ook kon dink aan *Vetsak*, maar aangesien die betrokke "karakters" ganse is en ook nie belaglik gemaak word in die oorspronklike nie, sou dit nie aanvaarbaar wees nie.

Indien die verhaal afspeel in 'n fiktiewe milieu, vergemaklik dit die taak van die vertaler, aangesien hy nou nie aan bande gelê word deur sekere kulturele of geografiese beperkinge nie. Word die milieu ver-Suid-Afrikaans, sou dit moontlik wees om al die eiename ook te verafrikaans; word die oorspronklike milieu (van Afrika, Nederland of Amerika, byvoorbeeld) egter behou, sou die "nuwe" eiename steeds aanvaarbaar moet wees binne die betrokke **milieu**, al word hulle dan (in die geval van 'n vertaling na Afrikaans) vir die Afrikaanse doeltaalleser toeganklik gemaak.

Soms maak 'n skrywer gebruik van alliterérende klanke, klanknabootsings en rym in die eiename met die uitsluitlike doel om as 't ware sag op die oor van die kinderleser te val en ook om 'n sekere sangerige ritme daaraan te verleen. Dikwels word daar op hierdie wyse veel meer weergegee as deur omslagtige woorde. Indien hierdie eiename onveranderd behou word in die doeltaal, sal die oorspronklike effek verlore gaan en daarom sal die vertaler poog om in die doeltaal ekwivalente daar te stel.

HOOFSTUK 5

Toepassing op *Die zoep-zap-en-zirts-hom! avontuur op Orkaan-piek* vertaal deur Linda Rode

5.1 Inleiding

Aangesien daar by hierdie vertaling uitmuntend daarin geslaag word om die doelteks as vloeiende geheel aan te bied, word die eindproduk eintlik 'n onreg aangedoen deur dit as 't ware te dissekteer en te kategoriseer. Dit is egter ter wille van duidelikheid en in aansluiting by die indelings in Hoofstuk 4 nodig om die volgende drie kategorieë te onderskei in die ontleding van die bron- en doelteks van bogenoemde kinderboek:

5.2 Die vertaling van beeldspraak

Die vertaler van die kinderboek moet nie alleen poog om die betekenis en trefkrag van die oorspronklike beeld te behou nie, maar moet veral ook die verwagting en beleweniswêreld van die doeltaalleser in aanmerking neem. Dit sou dus van nul en gener waarde wees om die oorspronklike beeldkrag van 'n beeld na die doelteks oor te dra sonder dat dié "geslaagde" beeld vir die nuwe leser toeganklik is.

In die volgende voorbeelde word aangetoon hoe Linda Rode daarin geslaag het om aan beide bogenoemde te voldoen:

beady little eyes	kraalogies

'n Samestelling word gevorm waarin die vergelyking van klein ogies wat soos krale lyk, saamgevat word.

as if he had grown horns	baie soos 'n bok se horings

'n Vergelyking, met iets wat aan die doeltaalleser baie bekend is, word ingevoeg.

told lies whenever it suited him	links en regs leuens vertel

In plaas van *wanneer dit hom ookal gepas het*, word die meer algemene *links en regs* gebruik.

it's driving me bananas	tot rasemy dryf

Dit sou onmoontlik wees om hierdie uitdrukking direk te vertaal, daarom dié Afrikaanse ekwivalent.

a real tartar	Kwaaikop

Nie alleen is die vertaling perfek beskrywend nie, maar die alliterasie wat daarin voorkom sluit ook aan by die baie ander eiename wat in die vertaling voorkom.

needed jogging	opskerping nodig gehad het

Alhoewel die gebruik van *opskerping* moontlik buite die woordeskat van die 9- tot 12-jarige mag val, behoort die betekenis uit die konteks afgelei te kan word en is die trefkrag groter as 'n voordiehandliggende *om hom te herinner*, of iets soortgelyks.

veiled in mystery	in permanente geheimsinnigheid gehul

Miskien sou *versluier in geheimsinnigheid* nader gewees het aan die oorspronklike.

promised me faithfully	my hand en mond belowe

Die invoeging van die eg-Afrikaanse segswyse verleen kleur aan die vertaling.

shall soon be a billionare	'n miljoenêr in 'n japtrap

Dit is nie duidelik waarom die vertaler die *billionare* na *miljoenêr* verander het nie. Die daaropvolgende uitdrukking is egter verkies bo 'n doodgewone *sal/gou /binnekort 'n miljoenêr wees*, en gee die korrekte betekenis kort en kragtig weer.

made their parents go pale and wobbly at the knees	bleek om die kieue en lam in die knieë

Weer eens val die woordkeuse van die vertaler op 'n kombinasie van alliterererende klanke (b - l - k) om die betekenis van die oorspronklike kostelik oor te dra.

at a glance	eerste oogopslag

Alhoewel dié woordkeuse dalk vreemd op die oor van die 8 - 12-jarige leser sou val, is dit binne die konteks (van "sommer dadelik raaksien") maklik afleibaar.

neither did he care	dit kon hom nie skeel nie

Die voor-die-hand-liggende uitweg hier sou wees om die oorspronklike te vertaal met: *hy het ook glad nie omgegee nie*. Tog kies die vertaler die meer idiomatiese Afrikaanse ekwivalent.

a. He is struck down with passionate love for you	Hy is smoorverlief op u.
b. in the shadiest part of town	aan die ... h'm ...skadurykste kant van die stad
b. I come from a long line of Postmen	al my voorgeslagte was posbodes

a. Een van die min voorbeelde waar die Afrikaanse ekwivalente soveel korter en kragtiger is as die oorspronklike, en tog dieselfde boodskap oordra.

b. Dit is te betwyfel of die onderliggende betekenis van *shadiest* (dit is: onderduims, van twyfelagtige aard) deur die kinderleser in die brontaal gesnap sou word. Dieselfde geld vir die vertaling *skadurykste*; tog is die invoeging van die *h'm* baie effektief om 'n effense aarseling oor te dra en sodoende moontlik die aandag van die leser te vestig op die dubbelsinnige gebruik van die woord.

c. Die invoeging van "voorgeslagte" is heeltemal geregverdig.

for years and years	in der jare

Alhoewel die doeltaalleser dalk die korrekte afleiding sou kon maak binne die konteks, word die gebruik van dié verouderde vorm tog bevraagteken.

Not a chance	Oor my dooie liggaam

Die vertaler slaag telkens daarin om vorendag te kom met tipiese spreektaalvorme wat pragtig inpas by die humoristiese aanslag van die verhaal; hierdie keuse gee "kleur" aan die vertaling.

and felt very lucky	is in haar noppies

In plaas van *baie gelukkig* word gebruik gemaak van dié uitdrukking - vir die Afrikaanssprekende reseptor beslis baie meer beskrywend, aangesien die idee van *baie in haar skik* wees ook by dié vertaling inkorporeer word.

Hey ho, never a dull moment.	Ai-jai-jai, in my werk kan mens jou nie 'n oomblik verveel nie.

Die tipiese Engelse uitroep (*Hey, ho*) word *Ai-jai-jai* in Afrikaans en hierin lê ook iets opgesluit van die genoegdoening wat die uiting vergesel.

a. I will have a word with the teachers	ek gaan die onderwysers voor stok kry
b. put anyone ... off the track	moontlike agtervolgers om die bos kan lei
c. an amazing idea came into her head	sy kry 'n briljante ingewing

a. en b. Op 'n ongedwonge wyse slaag die vertaler daarin om eiesoortige Afrikaanse idiome te gebruik as ekwivalente van dié in Engels.

c. Hier kon die vertaler dalk swig voor die versoeking om, in die spreektaal van die jeugdige leser, gebruik te maak van die nie-suiwer vertaling: *'n verstommende idee het in haar kop gekom*; sy omskryf dit egter in 'n suiwer *briljante ingewing*.

we all have to work very hard	werk dat dit klap

Hierdie is weer eens 'n goeie voorbeeld van hoe die maklike uitweg nié gevolg is nie. Die keuse van *werk dat dit klap* bo bv. iets soos *werk baie hard* beklemtoon die feit dat die vertaler telkens poog om nuut en oorspronklik te dink, sonder om enigsins afbreek te doen aan die oorspronklike boodskap.

keeps us all in order	hou ons almal in toom
I do believe you're right	Jy slaan die spyker op die kop

Hierdie tipiese Afrikaanse idiome val gemaklik op die oor en sê presies wat die Engelse teks probeer oordra het.

right over the lot of them	bo-oor die hele kaboedel

Alhoewel *kaboedel* miskien nie 'n standaard woord is wat in die woordeskat van die deursneë 9 - 12-jarige leser sal voorkom nie, dien dit hier as versamelnaam vir die hele klomp karakters en behoort die leser die korrekte afleiding te kan maak en terselfdertyd te kan kennis maak met 'n nuwe woord.

a millionaire with a lot of unreliable technology at his disposal	'n miljoenêr met 'n boel nikswerd tegnologie op sy kerfstok

Die vertaling van *at his disposal* met *op sy kerfstok* kan bevraagteken word. Laasgenoemde dui gewoonlik op skuld wat aan iemand toegeskryf word, terwyl 'n vertaling soos "tot sy beskikking" dalk nader aan die oorspronklike betekenis sou wees.

In the forests of magic wherever you go, you must lope like a leopard and keep your voice low.	In die bosse van betowering moet jy doekvoet loop soos 'n haas, moet jy kort-kort koes en heelpad skuil; anders gebeur daar iets naars.

Hierdie is nog een van die voorbeelde waar die vertaler met die pragtigste, klinkende Afrikaans vorendag gekom het. Alliterasie kom spontaan voor (*bosse van betowering* en *kort-kort koes*) en die vertaling val sag op die oor.

Tog kan daar 'n vraagteken geplaas word ten opsigte van die *haas* wat die *luiperd* vervang, asook die byvoeging *anders gebeur daar iets naars*, wat glad nie in die oorspronklike voorkom nie. Die *keep your voice low* bevat sekerlik 'n element van waarskuwing, maar die oormatige verduideliking, soos in die doelteks ingevoeg, kan nie geregverdig word nie.

She made a nice place for herself among the ferns	Sy skop vir haar 'n nessie tussen die varings

Die Afrikaanse *nesskop* word hier slim ingevleg om die *prent* vir die leser duidelik te teken met woorde.

sat up alertly	sit kiertsregop

Dié vertaling dra die volle betekenis van die Engelse *alertly* op eg-Afrikaanse wyse oor.

Two men in suits and ties	Twee mans ... staan daar gepak en gedas

Die "verwerkwoording" van *pak* en *das* is hier baie geslaagd, aangesien dit ook die andersoortigheid van dié twee karakters uitlig en beklemtoon.

that was perfectly true	dat dit die reine waarheid is

Hierdie uitdrukking is algemeen bekend en dra meer gewig as iets soos bv. *dit was heeltemal waar.*

5.3 Die vertaling van HUMOR

Veral by die vertaling van humoristiese woorde en woordspelings is dit baie belangrik dat die doelteks in die idioom van die doeltaalleser sal wees, anders sal die komiese (soos dit aan die brontaalleser oorgedra is) verlore gaan.

blood-and-thunder	zoep-zap-en-zirts-hom

Alhoewel hierdie vertaling, reeds in die titel, aanvanklik vreemd op die oor val, groei dit later op die leser en blyk dit baie gepas te wees.

slubberdegullion	slaat my met 'n voorhamer
slubberdegullion	by my kool

Dit is interessant om daarop te let dat hierdie uitroep (wanneer groot verbasing uitgedruk moet word) herhaal word. Die vertaler gebruik egter telkens 'n ander vertaling, elke keer met 'n tipiese Afrikaanse uitroep/uitdrukking wat die verbasing en/of verwondering duidelik deurgee.

you're not a real inventor	jy's nie 'n uitvinder se dinges nie

Hier kom die Afrikaans baie sterker oor as die Engelse weergawe. Dit is asof die vertaling selfs 'n element van belediging dra, wat myns insiens nie teenwoordig is in die bronteks nie.

one weighty and one weaselly	Die een dik soos 'n patat, die ander dun soos 'n aspersie-loot

Hier voeg die vertaler twee vergelykings in om seker te maak dat die leser 'n duidelike beeld van die twee karakters kan vorm - alhoewel daar 'n vraagteken geplaas kan word oor die gebruik van *aspersie-loot*, dalk nie so bekend vir die gemiddelde kinderreseptor nie.

Die volgende paar voorbeelde het te make met een van die twee "skurke" in die verhaal wat die gewoonte het om die beginletters van sy woorde om te ruil met een van die middelletters. Hierdie gedeeltes moes groot eise aan die vertaler gestel het, aangesien sy nie alleenlik die oorspronklike betekenis moes probeer oordra nie, maar ook dieselfde "spel" met die letters. Sy slaag besonder goed hierin en ook om die speelse humor van hierdie gedeeltes te behou.

She threw it in the bubbish rin. It was more litter than letter You are going to bidnap ... Never	Sy't dit in die dullisvrom gegooi. Dit was meer van 'n grief as 'n brief Jy gaan (haar) bontvoer? Jimmer-nimmer
chiclate chop ices Dillabenna Dappler	Pepermoen-en-lement-roomys Dillaboena Deppels

In die volgende gedeelte word die Latynse "Nil desperandum" net so behou (die volgorde verskil effens) in die bron- sowel as doelteks. Daarom kan daar nie met die vertaling as sodanig fout gevind word nie, maar tog moet 'n mens wonder oor die vermoë van 'n kinderleser tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar om dit te snap:

Keep right on to the end of the road! *Nil desperandum,* Belladonna! Forward! Advance! *Fat chance!* Cried the Hookywalker echo, mockingly bouncing back form the walls and windows of the city.	*Nil desperandum,* Belladonna! Voorwaarts, mars! Tot die einde van die pad!" *Tot die einde van die kat!* Koggel die Holkapolka-eggo toe dit terugbons van die mure en vensters van die stad.

Die koggel-klank van die eggo word skitterend bewerkstellig in die vertaling terwyl die vertaler deur die vertaling van die bywoord *mockingly* met die werkwoord *koggel* ook daarin slaag om die effek van die "tartende" eggo treffend oor te dra.

to the post office beanfeast	na die poskantoor se jaarlikse jol

In hierdie vertaling maak die vertaler seker dat die Afrikaanssprekende leser die aard van die feesgeleentheid verstaan, en terselfdertyd sit sy die slim woordspel wat dwarsdeur die verhaal voorkom, voort; laasgenoemde kan ook gesien word in die vertaling van die volgende uitroep:

Oh, horrakapotchin	O driedubbele deksel

'n Effens geforseerde uitroep in die Engels word 'n spontane uitdrukking in pragtige Afrikaans.

A tanner for you and a tenner for me	Voeftig vir jou en vyftig vir my

Die *tanner* ('n sikspens, 5-sentstuk) en *tenner* (tienpondnoot) kom nie heeltemal tot hul reg in die Afrikaanse vertaling nie. Die herhaling van die beginklank ("t" in die Engels en "v" in die Afrikaans) word wel behou, maar die betekenis van die verskil in geldwaarde gaan verlore in die vertaling.

I can't tell a quark from a shark Or a lazer from a blazer.	Ek weet nie wat die verskil is tussen 'n element en 'n peperment nie Of 'n vierkantswortel en 'n geelwortel nie.

Die boodskap van hierdie gedeelte, naamlik die feit dat die spreker te kenne wil gee dat hy HOEGENAAMD nie oor die nodige kennis beskik nie, kom baie duidelik in die vertaling na vore; tog sou 'n mens kon redeneer dat die jong leser dalk nie vertroud sal wees met die effens vreemde *element* en *vierkantswortel* nie.

In die volgende vergelyking word 'n tipies Suid-Afrikaanse verwysing bygevoeg en dit dra beslis by tot die humoristiese aanslag van die teks, alhoewel dit dalk effens streeksgebonde kan wees:

roaring like a terrified bull	terwyl hy brul soos ... wel, soos "die bul van Porterwil"!

5.4 Die vertaling van EIENAME

Die meeste eiename is vertaal in Afrikaanse ekwivalente van die BETEKENIS van die eiename in die Engelse brontaal. Die name is deurgaans baie beskrywend en gee belangrike inligting ten opsigte van die eienaardighede en samestelling van die karakters. Op enkele plekke is selfs ekstra verduidelikings bygevoeg om te verseker dat die korrekte boodskap oorgedra word aan die doeltaalleser.

Daar kan gevra woord of woorde soos *Amnesia* en *Magister* nie dalk buite die woordeskat van die 9 - 12-jarige leser val nie. Miskien sou ekstra verduideliking, al was dit eenmalig, hier ook van pas gewees het.

Hockywalker	Holkapolka

Aunt Perdita	Tant Amnesia

Desireé Thoroughgood	Desireé Eksieperfeksie
Mr. Warlock	Magister

the Pigwood mountains	die Misbredieberge
Judd-Sprocket 'Stickybeak' periscope for curious neighbours	'n Van Toet-Kleefbekperiskoop vir Nuuskierige Bure

Heathcliff Warlock	Markus Magister

Bottomley Quince	Grippie T. Niemand

Amadeus Shoddy Voltaire	Amadeus Skobbe-Jak Noorsjan Skobbe-Jak

Waar daar geen betekeniswaarde aan die eiename in die oorspronklike gegee is nie, is dié name net so behou in die Afrikaans.

cried Zaza Magnus Bruin	neul Zaza Magnus Bruin

Die spelling is egter soms verafrikaans, soos in die voglende voorbeelde:

Hookywalker	Holkapolka

Leo and Mary	Leo en Maria

Police Constable Davenport Davis Police Constable Dreadnought Davis	Konstabel Diederik de Jager Diederika de Jager

Diddykans	Pappatjie

George Tanglefoot	Hermanus Haasbroek

Voltaire [klein seuntjie]	Noorsjannetjie

Teen die einde van die verhaal word 'n byvoeging gemaak by die naam van een van die hoofkarakters ten einde seker te maak dat die leser die ontmaskering van dié karakter en die ontknoping van die verhaal daarmee saam, snap:

Sir Quincy	sir Grypentang van Toet alias Grippie T. Niemand

5.5 Aanpassings as gevolg van kultuurverskille

Waar daar na bekende sprokiekarakters verwys is, is deurgaans van die erkende Afrikaanse vertalings daarvan gebruik gemaak. Die invoeging van "Hansie en Grietjie" by die volgende verduideliking is waarskynlik gedoen om die onafwendbare verloop van sake te beklemtoon. Dit kan egter nie geregverdig word nie.

Red Riding Hood's wolf is always waiting for us if we stop to gather flowers.	Rooikappie se wolf is altyd langs die pad as ons stop om blomme te pluk. Hansie en Grietjie sal altyd by die heks se gemmerbroodhuisie in die bos uitkom.

In die geval van *Kuiken Kip* is daar selfs 'n klein verwysing na die verhaal self om te verseker dat die leser sal weet na watter sprokie verwys word:

Chicken Licken	En Kuiken Kip (op pad om te gaan sê dat die lug enige oomblik kan val)
cannot stop himself from meeting Mr Fox	kan nie anders as om Jakkals Jok op pad raak te loop nie.

Hier is die Afrikaanse weergawe van die bekende aftelrympie en speletjie gebruik in die vertaling:

"Girls and Boys Come out to Play"	"Aljander, aljander, al deur die bos"

'n Mens vra die vraag of die gebruik van die meer bekende *kabeljou* in die volgende voorbeeld nie meer gepas sou wees nie:

you old codfish	jou ou karbonkel

Oral waar daar in die bronteks verwys is na diere, het die vertaler seker gemaak dat sy dit vertaal tot diere wat algemeen in die Suid-Afrikaanse omgewing voorkom, of goed bekend is.

foxes and wolves and bears	jakkalse en wolwe en luiperds

a mountain goat or an ibex	'n bergbok of ander wildsbokke

5.6 Klankryke nuutskeppings

Deur die gebruik van skitterende nuutskeppings slaag die vertaler daarin om die klankryke kwaliteit van die oorspronklike te behou. Alliterasie en rym, woordspelings en klanknabootsing word kwistig aangewend om in eietydse Afrikaans die humoristiese aanslag van die oorspronklike te behou:

blood-and-thunder	zoep-zap-en-zirts-hom

made their parents go pale and wobbly at the knees	bleek om die kieue en lam in die knieë

creepy crawley horror stories	grillerige drillerige rillers

wibbly-wobbly bridge slow but safe	skud-en-skommel brug veilig en vervelig

tortoiseshell cat was covered with crimpish, curdly, curly cream-coloured fur	skilderbont kat met sy krinkelrige, kartelrige, krullerige roomkleur pels

It was more litter than letter Never	Dit was meer van 'n grief as 'n brief Jimmer-nimmer

his feet wriggling wildly	sy voete wriemel woes

the tintinnabulation of a great, brass gong	die tongelongelong! van 'n groot koper-ghong

Oh, horrakapotchin	O driedubbele deksel

the uproar	die hele heidense herrie

Icker acker water cracker, Icker Acker Ooo! Hurry, here's the hurricane! So out goes you!	Ieker, akker, wieker, wakker, glippens, gloppens, gly. Die orkaan rig skade aan - en weg is jy!

5.7 Evaluering

Indien hierdie vertaling gemeet sou word aan die hand van die "riglyne" van die ALSC en Vandergrift (soos gemeld in 1.2), is dit opvallend dat *Die zoep-zarts-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek* in 'n groot mate daarin slaag om EFFEKTIEF te wees:

1. **'n Goeie storie, wat aanklank sal vind by kinders, word vertel:**
   Die ontknoping bly tot aan die einde 'n verrassing en die leser stoei saam met die karakters (en die verteller!) om 'n oplossing te probeer vind.

2. **Die vertaling bly getrou aan die bronteks, maar terselfdertyd sluit dit aan by die wêreld van die doeltaalleser:**

Dit is duidelik dat die vertaler die boodskap van die oorspronklike behou het, maar tog skitterend daarin geslaag het om die teks toeganklik te maak vir die "nuwe" leser deur aanpassings te maak. Die verhaal speel af teen 'n skool-agtergrond, en te midde van 'n goeie dosis fantasie kan elke jong leser steeds identifiseer met die wel en wee van die onderwysers en hul leerders.

3. **Kognitiewe en veral affektiewe betrokkenheid word deurgaans bewerkstellig:**

Deur gebruik te maak van die tradisionele "skurk teen held"-strategie, bly die leser betrokke by die komplot deurdat hy kant kies en saam met die "helde" planne beraam om die oorhand te kry.

4. **Veelvuldige perskpektiewe word verleen:**

Op 'n subtiele wyse word die leser begelei om te besef dat voorkoms misleidend kan wees, en dat elke individu 'n saak vanuit sy eie, unieke perspektief benader.

5. **Hier is beslis sprake van 'n aktiewe leerproses en intense betrokkenheid deur die leser word aangemoedig:**

Die jong leser word as gevolg van 'n deurlopende spanningslyn betrokke gehou, en aangesien die hoofkarakters ook jong kinders is, word die leser aktief betrek by hulle (die karakters se) dilemmas en hulle hantering daarvan.

Evaluering sal altyd 'n subjektiewe saak bly. Tog sal die evaluering van 'n vertaling aan die hand van riglyne, soos byvoorbeeld dié van ALSC en Vandergrift, 'n belangrike hulpmiddel kan wees.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

Die doel van hierdie studie was om te probeer aantoon dat die vertaling van die kinderboek spesifieke, eiesoortige eise aan die vertaler stel. Alhoewel daar ook van algemene waarhede, wat oor die jare van toepassing was op vertalings in die algemeen, kennis geneem moet word, is dit noodsaaklik dat 'n kinderboekspesifieke strategie ontwikkel moet word.

In Hoofstuk 1 is 'n aantal spesifieke probleme waarmee die kinderboekvertaler voortdurend worstel, uitgelig. Sentraal tot hierdie probleme, soos reeds in die titel (*Kreatief diensbaar aan getrouheid*) gemeld, staan die voortdurende uitdaging vir die kinderboekvertaler, naamlik om 'n ekstra mate van kreatiwiteit aan die dag te lê ten einde te verseker dat die oorspronklike boodskap van die bronteks so getrou as moontlik aan die doeltaalleser oorgedra word. Terselfdertyd moet die kinderboekvertaler, veel meer as die vertaler van boeke vir volwassenes, die unieke behoeftes en samestelling van die reseptor voor oë hou.

Die eerste doelstelling van hierdie studie was dan om aan te toon dat semantiese en grammatikale ekwivalensie by die vertaalde kinderboek beslis ondergesik is aan kommunikatiewe ekwivalensie. Die klem het dus deurgaans geval op die kommunikatiewe kwaliteite wat 'n vertaling moet hê. In hierdie verband is eiesoortige probleme ten opsigte van die vlak van kognitiewe ontwikkeling van die kinderleser uitgelig om aan te toon dat elke vertaling voortdurend gemeet en getoets moet word ten einde te kontroleer of die oordrag op die verstaanvlak van die leser geskied.

In die oorsig wat gegee word oor Afrikaanse vertalings van die kinderboek is aangetoon dat daar in die afgelope dekade 'n dramatiese afname in Afrikaanse vertalings was. Dit is ook duidelik dat daar in Suid-Afrika geen oorkoepelende betroubare statistiek oor hierdie aspek van die Afrikaanse kinderboek is nie. Statistiek wat wel gevind kon word, is gefragmenteerd en onwetenskaplik. Alhoewel baie "belangstellendes" teëgekom is, is daar skynbaar niemand wat hulle uitsluitlik op die terrein van die *vertaalde Afrikaanse kinderboek* toespits nie.

Alhoewel teoretiese vertaalprobleme soos dit in die algemeen by alle vertalings voorkom ook op die vertaling van die kinderboek van toepassing gemaak kan word, is daar spesifiek gekonsentreer op eiesoortige probleme met die oog op die vertaalde kinderboek. Die spesiale kwaliteite en behoeftes van die kinderleser (tussen die ouderdom van 9 en 12 jaar) is uitgelig en beklemtoon. Dit is nodig om te herhaal hoe belangrik dit is om dié jong leser bloot te stel aan en as 't ware te bombardeer met literatuur wat vir hom toeganklik is:

> *An aquaintance with and an understanding of literary characters is one of the first ways a young child has of making sense of what it is to be human. We all come to know more clearly who and what we are while reaching out, imaginatively, for what we might become.*
> *As the child dwells in and wonders at the lives lived in story, she comes to know both herself and the world an begins to see that world as something over which she, as a character in life, might exercise some control. The events of story are a means of exploration of the world, helping her to confirm, to illuminate, and to extend her own life experiences, in ways that gives her power over them.*
> (Vandergrift, 1999: Internet).

'n Tweede doelstelling was om te beklemtoon dat dit in die vertaling van die kinderboek meer dikwels nodig is om aanpassings aan die bronteks te maak ten einde te verseker dat die doelteks toeganklik bly vir die nuwe kinderleser. Dit sou immers geen sin hê om 'n boek, gemik op die "teikenmark" nege tot twaalfjariges,

só te vertaal dat dit honderd persent getrou is aan die brontaal, maar totaal ontoeganklik is vir die doeltaalleser.

Ten opsigte van die strewe na ekwivalensie, veral rakende kulturele aspekte, moet die kinderboekvertaler voortdurend sy kinderleser voor oë hou. As derde doelstelling is genoem dat die vertaler veral sal soek na eiesoortige begrippe ten einde die kultuur-spesifieke boodskap van die oorspronklike so verstaanbaar as moontlik vir die nuwe leser aan te bied.

In die beskouing van die praktyk van kinderboekvertaling is dit veral die vertaling van beeldspraak, humor en eiename wat onder die soeklig geplaas word. Dit is veral hierdie aspekte wat spesiale eise aan die vertaler stel. Dikwels moet daar totaal nuut gedink word sodat die oorspronklike idioom of metafoor of kwinkslag omgeskakel kan word na iets wat vir die doeltaalleser toeganklik en aanvaarbaar sal wees. In die studie is deur middel van voorbeelde aangetoon dat die vertaling van eiename 'n kardinale rol speel in die bereiking van dinamiese ekwivalensie.

In **hoofstuk 5** is enkele voorbeelde geneem uit die vertaling *Die zoep-zarts-en-zirts-hom! avontuur op Orkaanpiek* deur Linda Rode. Hierdie vertaling is 'n voortreflike voorbeeld van 'n soepel en spontane toepassing van die teorie wat lei tot 'n produk waaruit die aspirant-vertaler baie kan leer.

Uit verskeie pogings om inligting rakende die vertaalde Afrikaanse kinderboek te bekom - dit sluit in statistiese besonderhede sowel as enige teoretiese beskouings ten opsigte van eiesoortige vertalingsprobleme - het dit duidelik geblyk dat daar hiervoor geen gekoördineerde navorsingsplan en/of inligtingsbron in Suid-Afrika bestaan nie.

Die karige statistiek wat bekom kon word, dui beslis daarop dat die vertaling van kinderboeke in Afrikaans oor die afgelope 5 jaar dramaties afgeneem het. Hierdie tendens gaan hand aan hand met 'n uitgewersbedryf wat 'n opdraande stryd om oorlewing voer.

Te midde van 'n skynbare duister toekoms van veral die Afrikaanse vertaalde kinderboek, klink daar dus 'n oproep tot die Afrikaanse vertaler van kinderboeke: 'n oproep wat die vertaler uitdaag om steeds te streef na uitnemendheid in sy omgang met die kinderboek en sy leser; inderdaad 'n oproep om

kreatief diensbaar aan getrouheid!

te wees.

VERWYSINGS

ANDREWS, C.A. 1992 . Die vertaling van klanklike aspekte binne die sonnet met spesiale verwysing na *Verhaal* en drie vertalings. Johannesburg: UNISA. (verhandeling - M.A.)

BAKER, M. 1992. In other words: a course book on translation. London: Routledge.

BAMBERGER, R. 1978. (*In* Klingberg, G., Orvig, M. & Amor, S., *eds.*, Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell. p.19-24.)

BASSNETT-McGUIRE, S. 1991. Translation studies. London: Methuen.

BASSNETT-McGUIRE, S. & LEFEVERE, A. 1993 Translation as social action. London: Routledge.

BEEKMAN, J. & CALLOW, J. 1974. Translating the word of God with scripture and topical indexes. Grand Rapids : Eerdmans.

BELL, A. 1985, Translating humour for children. *Bookbird, 23(2):9-13.*

BELL, R.T. 1991. Translation and translating: theory and practice. London: Longman.

BEUCHAT, C. 1992. Translation of children's literature: inter-cultural communication. *Bookbird, 30 (1)*:9-14.

BRAVO-VILLASANTE, C. 1978. Translation problems in my experience as a translator. (*In* Klingberg, G., Orvig, M. & Amor, S., *eds.*, Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell. p.46-50.)

CARSTENS, W.A.M. 1992. Die vertaler en sy kennis van taalnorme: teorie en praktyk. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, Supplement 13:2-21, Desember.

CART, M. 1999. The art of writing: on why humor is the best medicine. [Web:] http://www.chbooks.org/columns/cart.htm [Date of access: April 1999]

CHERNOV, G.V. 1991. Cognitive and pragmatic inferencing and the intercultural Component in translation. (*In* Tirkkonen-Condit, *ed.* Empirical research in translation and intercultural studies: selected papers of the TRANSIF seminar, Savonlinna 1988. Tubingen: Gunter Narr Verlag. p. 27 - 34.)

CIVARDI, A. 1985. Die nuwe baba. Vertaal uit Engels deur Linda Rode. Kaapstad : Tafelberg.

DE BEAUGRANDE, R. 1978. Factors in a theory of poetic translating. Amsterdam : Van Gorcum.

DURHAM, M. 1978. Translation - art, science or craft. (*In* Klingberg, G., Orvig, M. & Amor, S., *eds.*, Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell. p.104-112.)

DUSSé, C. 1995. The metaphors in Song of Songs and adolescents : a reception-theoretical investigation and proposed translation. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif PhD.)

FRANKLIN, R.H.1969. Inland trunk systems. (*In* Meetham, A.R. & Hudson, R.A., Encyclopedia of linguistics, information and control (14:238-242.) New York: Pergamon.

GENTZLER, E. 1993. Contemporary translation theories. London : Routledge.

GHESQUIRE, R. 1981. Het historisch receptie-onderzoek van kinderliteratuur. (*In* Van Gorp, H., Ghesquire, R. & Segers, R.T., *eds.* Receptie-onderzoek: mogelijkhede en grenzen. Leuven: Acco. p. 81-99.)

HARRANTH, W. 1985. Some reflections on the criticism of translations. *Bookbird 23(2):4-7.*

HEWSON, L. & MARTIN, J. 1991. Redefining translation: the variational approach. London: Routledge.

HOLMES, J.S. 1970. The nature of translation: essays on the theory and practice of literary translation. Paris : Mouton.

HOUSE, J. 1977. A model for translation quality assessment. Tübingen: Gunter Narr Verlag.

HRUSHOVSKI, B. 1984. Poetic metaphor and frames of reference. *Poetics today, 5(1):5-45.*

IRC : See: INTERNATIONAL RELATIONS COMMITTEE

INTERNATIONAL RELATIONS COMMITTEE (IRC), 1998. Outstanding translated children's books: birth of a bibliography by committee. *Youth Services in Libraries*, Spring : p. 263 - 272.

IRISH, A. 1999. On why humor is the best medicine. [Web] http://www.chbooks.org/columns/cart.htm [Date of access: April 1999].

ISKEMUS, 1989 - Sien: Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en -Media van die Universiteit van Stellenbosch

INLIGTINGSENTRUM VIR KINDERLEKTUUR EN -MEDIA VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, 1989. (a) Vertaalde Afrikaanse Kinderliteratuur.

INLIGTINGSENTRUM VIR KINDERLEKTUUR EN -MEDIA VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, 1989. (b) Vertaalde Afrikaanse Kinderboeke - 'n bibliografie.

JANSON, M., 1987. Waar kom ek vandaan? Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

KLINGBERG, G., ORVIG, M. & AMOR, S., *eds*. 1978. Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell.

KLINGBERG, G. 1986. Children's fiction in the hands of the translators. Lund: Bloms Boktryckeri.

KOGAN, N. 1989. A stylistic perspective on metaphor an aesthetic sensitivity in children. Norwood: Ablex.

KROES, G. 1986. 'n Vertaalstrategie vir referensiële tekste. *Die Taalpraktisyn, 2:26-45.*

KROES, G. 1988. Taalkundige motivering van vertaalkeuses. *Die Taalpraktisyn, 2:28-43.*

LABUSCHAGNE, M. 1999. Korrespondensie ten opsigte van ATKV kinderboektoekenning. ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125.

LATEGAN, A. 1999. Korrespondensie ten opsigte van statistiek. Redakteur, Kinderboeke, Human en Rousseau Uitgewers, Kaapstad.

LOUW, D.A., GERDES, L.C., & MEYER, W.F. 1985. Menslike ontwikkeling. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.

MAARTENS, M. 1989. Is Gideon dan 'n swartskaap? Pretoria: Daan Retief Uitgewer.

MAARTENS, M. 1989. Black sheep. Vertaal uit Engels deur M. van Biljon. Pretoria: Daan Retief Uitgewer.

MAHY, M. 1991. The blood-and-thunder adventure on Hurricane Peak. London: Puffin Books.

MAHY, M. 1991. Die zoep-zap-en-zirts-hom!-avontuur op Orkaanpiek . Vertaal uit Engels vertaal deur L. Rode. Kaapstad: Human en Rousseau.

MAISSEN, L. 1988. "El IBBY y yo" In: *Alacena*, 9 (5), Autumn 1988.

MEETHAM, A.R. & HUDSON, R.A., *eds.* 1969. Encyclopedia of linguistics, information and control, 14. New York: Pergamon.

MOTYASHOV, I. 1978. (*In* Klingberg, G., Orvig, M. & Amor, S., *eds.*, Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell. p.100-104.)

NELSON, M.E. 1991. 'Ze willen grieven eten': teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - D. Litt.)

NETLEY, N.S. 1992. The difficulty of translation: decoding cultural signs in other languages, *Childrens Literature in Education, 23(4):195-202.*

NEWMARK, P. 1988. Approaches to translation. Oxford: Pergamon Press.

NEWMARK, P. 1991. About translation. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.

NIDA, E.A. & TABER, C.R. 1982. The theory and practice of translation. Leiden: E.J. Brill.

ONCE UPON A TIME, 1998. Getting out of the slush pile. [Web:] http://www.chbooks.org/columns/cart.htm [Date of access: April 1999].

PIENAAR, L. 1964. Vertaalde kinderboeke - verdringende euwel? *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, 31(4):120-123.

PIENAAR, L. 1968. Die kind en sy literatuur. Kaapstad: HAUM.

POLAND, M. 1986. The small clay bull. Cape Town: David Phillip Publisher.

POLAND, M. 1986. Die klein kleibulletjie. Vertaal uit Engels deur N. Ferreira. Kaapstad: Human & Rousseau.

POPOVIC, A. 1970. The concept "shift of expression" in translation analysis. (*In* HOLMES J.S., The nature of translation: essays on the theory and practice of literary translation. Paris : Mouton. p.78-87.)

REIMERS, G. 1985. Vertaalwerk is 'n kuns. *School Media Centre*, 17(1):15.

RUPERT, R. 1978. Wegloopwinter. Kaapstad: Tafelberg.

RUPERT, R. 1982. Runaway winter. Vertaal uit Engels deur G.van Pittius. Kaapstad: Tafelberg.

SMITH, L.H. 1953. The unreluctant years. Chicago: American Library Association.

STOLT, B. 1978. How Emil becomes Michel - on the translation of children's books. (*In* Klingberg, G., Orvig, M. & Amor, S., *eds.*, Children's books in translation. Stockholm: Almqvist & Wiksell. p.132-146.)

TOURY, G. 1981. In search of a theory of translation. Tel Aviv: Porter Institute for Poetics and Semiotics.

UNDERDOWN, H. 1998. Once upon a time: getting out of the slush pile. [Web:] http://www.chbooks.org/columns/cart.htm [Date of access: April 1999].

VANDERGRIFT, Kay E. (kvanden@scils.rutgers.edu) 1999. Vandergrift's children's Literature page. [E-mail to:] Hauman, K. (K_Hauman@hotmail.co.za) April.07.

VAN DER WALT, E. (ena@majuba.ofsgov.za) 1998. Inligting ten opsigte van statistiek verskaf deur die Bloemfontein Openbare Biblioteek. [E-mail to:] Hauman, K. (K_Hauman@hotmail.co.za Desember: 1998.

VAN DER WESTHUŸSEN, T.W.B. & SCHOEMAN, W.J. 1985. Die middelkinderjare. (*In* LOUW *et al*, Menslike ontwikkeling. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. p.283-334.)

WALKER, A.K., KRUGER, A. & ANDREWS, I.C. 1995. Translation as transformation: a process of linguistic and cultural adaptation. *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 26: p.99-109.

WHITE, M. 1992. Children's books from other languages: a study of successful translations. *Journal of Youth Services in Libraries, 5(3)*:261-275.

WHITE, M. 1993. The best in international literature for today's children: translated children's books. *Public Library Quarterly*, 13(3):63-68.